# Die maatskaplike werker se holistiese benadering tot die adolessente verkragter

**Niemand M**

**21087644**

Mini-skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming vir die graad *Magister* in Maatskaplike werk: Forensiese Praktyk, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof Corinne Strydom

November 2015

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Dit begin alles hier ™

**Opgedra aan my man**

**Alfonso Niemand**

Vir al jou liefde, bystand, ondersteuning en motivering.

Ek is baie lief vir jou!

## *VOORWOORD*

Hierdie manuskrip word in artikelformaat voorgelê en is ooreenkomstig Regulasie A.7.2.5 van Jaarboek 2013 vir die graad Magister Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk aangebied.

Die artikel voldoen aan die vereistes van die vaktydskrif Maatskaplike Werk/Social Work. Vir die doeleindes van eksaminering word ʼn meer volledige artikel voorgehou. Die manuskrip word ook getik in 12 pt. "Arial" dubbelspasiëring slegs op een kant van ʼn A4 bladsy. Die opsomming is ook langer as wat die tydskrif vereis.

Die mini-skripsie beslaan 50% van die totale punt van die kursus Magister in Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk.


## *DANKBETUIGINGS*

**My opregte dank aan:**

- My Hemelse Vader vir genade, krag, geduld, deursettingsvermoë en die gawe om hierdie skripsie te kon afhandel.
- Dr Sufran Smith vir die teoretiese grondslag en kundigheid wat sy oorgedra het tydens die kursus.
- Professor Corinne Strydom vir haar professionele en kundige leiding, nimmereindigende geduld, herhaaldelike motivering en tyd wat sy voortdurend opgeoffer het.
- Die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, vir die toestemming en die geleentheid om die navorsing te kon uitvoer.
- Aan elke deelnemer vir hul bereidwilligheid om deel te neem aan die studie en vir hul waardevolle insette.
- My man, familie, vriende en kollegas vir jul konstante motivering, belangstelling en ondersteuning.
- Me Johanna Müller vir die taalversorging van die skripsie.

## *PLEGTIGE VERKLARING*

Hiermee verklaar ek, Madelaine Niemand, dat hierdie mini-skripsie, getitel “Die maatskaplike werker se holistiese benadering tot die adolessente verkragter”, my eie werk is.

Ek verklaar ook dat alle bronne en verwysings waarvan gebruik gemaak of aangehaal is deur my, deur middel van gestandaardiseerde verwysingstegnieke aangedui en erken is.

Handtekening ------------------------------------------------ Datum------------------------------

## *VOORSKRIFTE AAN OUTEURS*

Social Work/Maatskaplike Werk is ŉ nasionaal geakkrediteerde vaktydskrif. Die tydskrif publiseer artikels, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige veld van Maatskaplike Werk.

Die volgende standaarde word gestel vir die publisering van bydraes:

- Artikels mag in Afrikaans of Engels voorgelê word.
- ŉ Engelse opsomming van nie meer as 100 woorde nie, moet die Afrikaanse artikel vergesel.
- Bydraes word krities deur twee keurders beoordeel. Hierdie beoordeling en keurders se identiteite is streng vertroulik.
- Manuskripte word aan outeurs teruggestuur indien ingrypende hersiening vereis word of as die styl nie met die tydskrif se standaard ooreenstem nie.
- Artikels met minder as 2 000 woorde of meer as 10 000 woorde sal normaalweg nie vir publikasie oorweeg word nie.
- ŉ Disket met die teks, verkieslik in Windows MS Word, moet die hele manuskrip asook twee afskrifte van die manuskrip vergesel.

- Manuskripte moet in 12 pt. “Times New Roman” dubbelspasiëring slegs op een kant van ’n A4 bladsy getik word.
- Indien moontlik moet die manuskrip per e-pos aan hsu@sun.ac.za versend word.
- Verwysings moet volgens die Harvard-stelsel geskied.
- Verwysings in teks:
  - ❖ As woordelikse sitate, feite of argumente uit ander bronne aangehaal word, moet die van(ne) van die outeur(s), jaar van publikasie en bladsynommer(s) tussen hakies in die teks verskyn, bv. “…” (Berger, 1967:1)
  - ❖ Bronverwysings: Bronne moet alfabeties volgens vanne van die outeurs, aan die einde van die manuskrip, onder die opskrif “Bibliografie” verskyn.

The Editor / Die Redakteur
Social Work / Maatskaplike Werk
Private Bag X1 / Privaatsak X1
7602 Matieland
South Africa / Suid-Afrika

## *OPSOMMING*


**DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE HOLISTIESE BENADERING TOT DIE ADOLESSENTE VERKRAGTER**

**Sleutelterme:** Adolessent, Holistiese benadering, Maatskaplike werker, Verkragter

Die verskynsel van adolessente wat seksuele oortredings pleeg, is ŉ ernstige maatskaplike kwessie, wat met die nodige dringendheid ondersoek en aangespreek moet word. Seksuele mishandeling affekteer nie net die patologie van individue nie, maar is deel van die algemene, samelewings en kulturele probleme rakende geslag en mag. ŉ Adolessent uit enige sosio-ekonomiese, psigologiese en kulturele agtergrond, kan hom dus skuldig maak aan die verkragting van ŉ kind/kinders. Die rehabilitering van so ŉ adolessent berus by die maatskaplike werkers se betrokkenheid asook die interne motivering van die adolessent self. Die adolessent moet geassesseer word volgens die aard van die betrokke risikofaktore, sodat dit deeglike insig kan bied oor die adolessent self, die sosiale konteks en die omstandighede rondom die verkragting. Dit word as belangrik geag om effektiewe programme te implementeer.

Tydens onderhoude oor intervensies met adolessente verkragters, het die maatskaplike werkers aangedui dat daar verskeie faktore is wat bydra tot die oortreding. Indien hierdie faktore wat tot die oortreding bygedra het nie verstaan word nie, is die geleentheid om die adolessent se gedrag te verander, skraal. Dit is dus belangrik dat die maatskaplike werkers oor die nodige kennis, vaardighede en hulpbronne beskik om behulpsaam te wees met die effektiewe intervensie/rehabilitasie van adolessente verkragters.

Die doel van hierdie navorsing is om vas te stel hoe maatskaplike werkers adolessente verkragters holisties kan benader, om uiteindelik aanbevelings te maak wat kan bydra tot hul effektiewe holistiese rehabilitering.

Die navorser het die kwalitatiewe benadering in hierdie studie gebruik. Die interpreterende, beskrywende navorsingsontwerp is benut. Agt maatskaplike werkers het aan die studie deelgeneem en data is ingesamel deur middel van ŉ semi-gestruktureerde onderhoud met elke deelnemer. Die kwalitatiewe data is getranskribeer en in temas en subtemas geanaliseer met behulp van die spiraaldata-analiseringsmetode van Creswell.

Vyf temas is geïdentifiseer, naamlik:

1. Temas van gestandaardiseerde programme
2. Leemtes in programme wat gebruik word
3. Eienskappe en vereistes van maatskaplike werkers
4. Faktore wat aanleiding gee tot adolessente wat verkrag
5. Holistiese benaderings.

Hierdie temas is in subtemas en kategorieë ingedeel en aan die hand van toepaslike vertellings, soos deur die deelnemers weergegee, bespreek. Die inligting is met die literatuur geverifieer en bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings is gemaak.

Die rehabilitasie van adolessente verkragters word as ŉ langtermyn proses beskou, met maatskaplike werkers wat oor die nodige kennis en hulpbronne beskik en insette lewer met ŉ nie-veroordelende houding. Daar is bevind dat die beperkte programme wat beskikbaar is nie alle geïdentifiseerde faktore aanspreek, of die familie/gemeenskap voldoende betrek nie. Indien al die aspekte van die adolessent en sy oortreding nie aangespreek word nie, kan dit moontlik tot ŉ tweede oortreding van hierdie aard, lei.

Op grond van die gevolgtrekkings, word die volgende aanbevelings gemaak:

- Aanpasbare programme met kognitiewe gedragsterapie as oorhoofse benadering en insluiting van die familie/gemeenskap, moet ontwikkel word.
- Korrekte implementering van programme deur middel van intensiewe opleiding en deeglike assesserings, is nodig.
- Die adolessent moet holisties benader word.
- ŉ Nasorg program moet geïmplementeer word om terugval te voorkom.

*ABSTRACT*

**THE SOCIAL WORKERS HOLISTIC APPRAOCH TOWARDS THE ADOLESCENT RAPIST**

**Keywords:** Adolescent, Holistic approach,
Social worker, Rapist

The phenomenon of adolescents who commit sexual crimes, is a serious social concern that needs to be investigated and addressed with the necessary urgency. Sexual abuse not only affects the pathology of individuals, but is part of the general, societal and cultural problems of gender and power. An adolescent from any socio-economic, psychological and cultural background can thus find himself being guilty of raping a child/children. The rehabilitation of such an adolescent hinges on the social workers' involvement as well as the internal motivation of the adolescent. The adolescent should be assessed according to the nature of the relevant risk factors, in order to create thorough insight regarding the adolescent self, his social context and the circumstances surrounding the rape. It is seen as important to implement effective programmes.

During interviews about interventions with adolescent rapists, the social workers indicated that there are several factors contributing to the offence. If these factors that lead to the offence are not understood, the opportunity to change the behaviour of the adolescent, will be slim. It is thus important that the social workers possess the required knowledge, skills and resources, to assist with the effective intervention/rehabilitation of the adolescent rapists.

The purpose of this research is to establish how social workers can approach adolescent rapists holistically in order to make suggestions that can contribute to their effective holistic rehabilitation.

The researcher used the qualitative approach in this study. The interpretive, descriptive research design was utilized. Eight social workers participated in the research and data is obtained by means of doing a semi-structured interview with each participant. The qualitative data is transcribed and analysed in themes and sub-themes by means of Creswell's spiral data-analysing method.

Five themes were identified, namely:

1 Themes of standardised programmes

2 Shortfalls in programmes being utilized

3 Characteristics and requirements of social workers

4 Factors that contribute to adolescents raping

5 Holistic approaches.

These themes are divided in sub-themes and categories and are discussed according to appropriate narratives as stated by the participants. The information is verified with the literature and specified conclusions and recommendations are made.

The rehabilitation of adolescent rapists is seen as a long-term process with social workers that possess the required knowledge and resources, giving inputs with a non-judgemental attitude. It is found that the limited programmes that are available do not address all identified factors and do not adequately involve the family/community. If not all aspects of the adolescent and his offence is addressed, it can possibly lead to a second similar offence.

In accordance to the conclusions, the following recommendations are made:

- Adaptable programmes with cognitive behavioural therapy as main approach, involving the family/community, need to be developed.
- Correct implementation of programmes by means of intensive training and thorough assessments, is necessary.
- The adolescent should be addressed holisticaly.
- An aftercare programme must be implemented to prevent relapse.

# INHOUDSOPGAWE


**VOORWOORD ..... II**

**DANKBETUIGINGS ..... II**

**PLEGTIGE VERKLARING ..... III**

**VOORSKRIFTE AAN OUTEURS ..... III**

**OPSOMMING ..... V**

**ABSTRACT ..... VII**

**DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE HOLISTIESE BENADERING TOT DIE ADOLESSENTE VERKRAGTER ..... 1**

**1. PROBLEEMSTELLING ..... 1**

**2. DOELSTELLING ..... 7**

**3. SENTRALE TEORETIESE STELLING ..... 7**

**4. NAVORSINGSMETODOLOGIE ..... 7**

**4.1 Literatuurstudie ..... 7**

**4.2 Empiriese ondersoek ..... 8**

4.2.1 Navorsingsontwerp ..... 8

4.2.2 Navorsingskonteks ..... 9

4.2.3 Deelnemers ..... 9

4.2.4 Data-insamelingsproses ..... 11

4.2.5 Prosedures ..... 12

4.2.6 Data-ontleding ..... 13

4.2.7 Vertrouenswaardigheid ..... 14

4.2.8 Etiese aspekte ..... 16

**5. BEPERKINGE VAN DIE NAVORSING ..... 19**

**6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE ..... 19**

**6.1 Adolessent ... 19**

**6.2 Maatskaplike werker ... 19**

**6.3 Verkragting ... 20**

**6.4 Holsitiese benadering ... 20**

**7. NAVORSINGSBEVINDINGE ... 20**

**7.1 Profiel van die deelnemers ... 20**

7.1.1 Dorpe/Areas en aantal deelnemers ... 21

7.1.2 Ouderdom en geslag ... 21

7.1.3 Kwalifikasies, registrasie en hoedanigheid ... 22

**7.2 Temas en Subtemas ... 22**

**7.3 Bespreking van bevindinge ... 24**

7.3.1 TEMA 1: Temas van gestandaardiseerde programme ... 255

7.3.1.1 Subtema 1: Aggressie/geweld/misdaad ... 25

7.3.1.2 Subtema 2: Seksuele opvoeding ... 27

7.3.1.3 Subtema 3: Snellers en terugvalle ... 28

7.3.1.4 Subtema 4: Lewensvaardighede ... 29

7.3.1.5 Subtema 5: Empatie ... 31

7.3.1.6 Subtema 6: Denkpatrone en -prosesse ... 32

7.3.2 Tema 2: Leemtes in programme wat gebruik word ... 33

7.3.2.1 Subtema 1: Tydsduur van programme ... 33

7.3.2.2 Subtema 2: Inhoud van programme ... 34

7.3.2.3 Subtema 3: Opleiding van fasiliteerders ... 35

7.3.2.4 Subtema 4: Befondsing en bewusmaking ... 36

7.3.2.5 Subtema 5: Nasorg ... 37

7.3.3 Tema 3: Eienskappe en vereistes van maatskaplike werkers ... 38

7.3.3.1 Subtema 1: Nie-veroordelend en aanvaarding ... 39

7.3.3.2 Subtema 2: Kennis ... 40

7.3.3.3 Subtema 3: Gemaklike terapeutiese omgewing en grense ... 41

7.3.4 Tema 4: Faktore wat aanleiding gee tot adolessente wat verkrag ... 42

7.3.4.1 Subtema 1: Pornografie ... 43

7.3.4.2 Subtema 2: Vroeëre seksuele mishandeling ... 44

7.3.4.3 Subtema 3: Blootstelling aan ongunstige omstandighede ... 46

7.3.4.4 Subtema 4: Groepsdruk ... 47

7.3.4.5 Subtema 5: Sosio-ekonomiese omstandighede ... 48

7.3.5 Tema 5: Holistiese benaderings ... 50

7.3.5.1 Subtema 1: Benaderings en intervensies ... 50

7.3.5.2 Subtema 2: Assessering ... 55

7.3.5.3 Subtema 3: Genesende reg ... 56

7.3.5.4 Subtema 4: Opvoeding van gemeenskap ... 57

7.3.5.5 Subtema 5: Terapie/werkswyse ... 58

**8. GEVOLGTREKKING ... 60**

**9. AANBEVELINGS ... 61**

**9.1 Aanbevelings ten opsigte van die holistiese benadering tot adolessente verkragters ... 61**

**9.2 Aanbevelings met betrekking tot verdere navorsing ... 62**

**10. SAMEVATTING ... 62**

**BIBLIOGRAFIE ... 63**

BYLAES .......................................................................................................................... 73

BYLAAG A: TOESTEMMINGSBRIEF ......................................................................... 73

BYLAAG B: TOESTEMMINGSVORM ......................................................................... 77

BYLAAG C: CONSENT LETTER.................................................................................. 78

BYLAAG D: CONSENT FORM ..................................................................................... 82

BYLAAG E: TOESTEMMING VAN BESTUURDER..................................................... 83

BYLAAG F: CONSENT FROM MANAGER ................................................................. 86

BYLAAG G: ONDERHOUDSKEDULE......................................................................... 89

BYLAAG H: ETHICS APPLICATION........................................................................... 90

BYLAAG I: VERKLARING VAN TAALVERSORGER ............................................... 91

TABELLE......................................................................................................................

TABEL 1: STANDAARDE. STRATEGIEë EN TOEGEPASTE KRITERIA OM VERTROUENSWAARDIGHEID TE VERSEKER 14

TABEL 2: DORP EN AANTAL DEELNEMERS........................................................................21

TABEL 3: OUDERDOM EN GESLAG...........................................................................................22

TABEL 4: KWALIFIKASIES, REGISTRASIE EN HOEDANIGHEID........................................ 22

TABEL 5: TEMAS EN SUBTEMAS.............................................................................................23

## *DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE HOLISTIESE BENADERING TOT DIE ADOLESSENTE VERKRAGTER*

Madelaine Niemand, Meestersgraadstudent in Forensiese Praktyk aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit.

Professor Corinne Strydom, dosent, verbonde aan die Vakgroep Maatskaplike Werk aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit.

## *1. PROBLEEMSTELLING*

Maatskaplike werk word beskryf as ŉ holistiese professie wat in beide die persoon en sy/haar omgewing belangstel. Die professie neem ook ŉ verskeidenheid van individuele en kontekstuele faktore van welstand in ag (Crisp, 2011:663; Kelly & Horder, 2001:694). Kelly en Horder (2001:694) beskryf holisme as "the view that an account of all the parts of a whole and of their interrelations is inadequate as an account of the whole." ŉ Holistiese benadering spreek die biologiese, psigologiese, sosiale en spirituele aspekte sowel as verhoudings van ŉ persoon aan. Dié benadering word gesteun deur navorsing en praktyk (Juvva & Newhill, 2011:188). Dieselfde outeurs (2011:189) verduidelik dat die gebruik van die bio-psigososiale, spirituele perspektief voordelig is om individue holisties te assesseer en sodoende help om holistiese programme wat verandering in alle aspekte van die persoon se lewe voortbring, te ontwerp en te implementeer. Volgens Adams, Dominelli en Payne (2009:322) is die gebruik van 'n holistiese benadering in maatskaplike werk wanneer daar gelyktydig gewerk word met individue, families, organisasies en sosiale strukture. Dit beteken dus dat wanneer daar met 'n individu gewerk word, moet die terapeut nie die individu as geisoleerde sisteem sien nie, maar alle interne en eksterne bydraende faktore in ag neem, die individu binne sy/haar omgewing behandel en so ook die benadering/intervensies wat gebruik word aanpas om hierdie aspekte aan te spreek.

Bukau (2003:501) soos bespreek in Van der Schyff en Strydom (2011:176), meld dat seksuele oortredings teenoor kinders ŉ ernstige en wydverspreide internasionale probleem is. Polisie-misdaadstatistieke wat in September 2012 uitgegee is, rapporteer dat daar in 2011/2012 in totaal 64 514 seksuele oortredings landswyd by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aangemeld is (Rape Crisis, 2014). Volgens Rape Crisis (2014) is daar 52 617 verkragtingsake vanaf April 2006 tot Maart 2007 in Suid-Afrika aangemeld. Die statistieke soos gepubliseer in 2014, dui aan dat seksuele oortredings met 11,3%

gedaal het met 62 649 sake aangemeld in 2013/2014 (Crime Statistics, 2014). Volgens die statistieke is daar in 2013/2014 46 253 sake van verkragting aangemeld. Gauteng is geïdentifiseer as die provinsie met die hoogste verhouding van gerapporteerde verkragtingsake (Hesselink-Louw & Schoeman, 2003:161). Volgens Jewkes *et al.,* (2006:2950) word daar elke 4 minute ŉ seksuele oortreding teenoor ŉ kind in Suid-Afrika gepleeg, wat beteken dat SA ŉ hoë voorkoms van seksuele oortredings teenoor kinders het. Anon (2013:1) dui aan dat seksuele oortredingsake in SA gestyg het van 64 514 tot 66 387, wat ŉ totale verhoging van 10,0% in die jaar 2012/13 aandui.

Grant, Thornton en Chamarette (2006:1) meen dat adolessente seksuele oortredings al hoe meer erken word as ŉ ernstige maatskaplike probleem. Tydens die 1990's het seksuele gedrag deur kinders en jongmense wat skade aan ander berokken vir die eerste keer as saak van kommer in die Verenigde Koninkryke na vore gekom, maar tans word dit deur verskeie rolspelers beskou as ŉ probleem wat aandag vereis (Erooga & Masson, 2006:3). Mbambo (2002:29) verduidelik dat die getal aangemelde seksuele oortredings, waar ŉ adolessent die oortreder is, toeneem. Volgens Finkelhor, Ormrod en Chaffin (2009:4) was daar in 2004 ongeveer 89 000 adolessente seksuele oortreders bekend aan die polisie in die Verenigde State. "It is estimated that adolescent boys perpetrate 30-50 percent of child sexual offences, with 40 percent of these offences involving a biological relative." (Grant *et al.*, 2006:1). Soos bekend aan die polisie, is adolessente verantwoordelik vir een derde (35.6%) van seksuele oortredings wat teenoor kinders gepleeg is (Finkelhor, Ormrod & Chaffin, 2009:1).

In Suid-Afrika het Childline (Van Niekerk 2002:2) beraam dat 42% van alle seksuele oortredings teenoor kinders wat aan Childline gerapporteer is, deur ander kinders gepleeg is. Hesselink-Louw & Schoeman (2003:158) verwys na ŉ artikel in die Sunday Times (Anon. 2002:2) wat gerapporteer het dat meer as 23 000 mense, waarvan 3 345 adolessente, in Suid-Afrikaanse tronke verhoorafwagtend is of vonnisse uitdien vir seksuele oortredings. ŉ Opname wat uitgevoer is met 1 500 skoolkinders in ŉ Soweto woonbuurt, het aangedui dat ŉ kwart van die seuns waarmee onderhoude gevoer is, gesê het dat 'jackrolling', ŉ term wat verwys na bendeverkragting, pret was (Richter *et al*., 2007:55). Volgens Stout (2003:14) is dit moeilik om die ware voorkoms van adolessente seksuele oortredings in Suid-Afrika vas te stel, omdat die statistieke wat deur die Departement van Korrektiewe Dienste en die Suid-Afrikaanse Polisiediens verskaf word, nie genoeg detail bevat om aan te dui hoeveel adolessente gevonnis is vir seksuele

oortredings, of meer spesifiek vir verkragting, nie. Maughan (2006:01) soos aangehaal in Harris en Bezuidenhout (2010:28), verduidelik wel dat ongeveer 82 kindersake met ŉ verbintenis tot een of ander seksuele oortreding, daagliks geprosesseer word.

Die Criminal Law (Sexual offences and related matters) Amendment Act 32 of 2007 (South Africa, 2007:25-27) definieer ŉ seksuele oortreding teenoor ŉ kind soos volg: ŉ Seksuele oortreding vind plaas wanneer enige persoon ŉ kind (persoon onder 18) betrek by ŉ seksuele daad, met of sonder die kind se toestemming. ŉ Seksuele daad word gedefinieer as ŉ daad van seksuele penetrasie. “Sexual penetration can be seen as any sexual form of penetration to any extend whatsoever by the genital organ, any body part and/or object by any person into, or beyond, the genital organs, anus or mouth of another person.”

Dit is onwaarskynlik dat slegs een faktor bygedra het tot die adolessent wat verkrag. Risikofaktore kan gedefinieer word as enigiets wat die moontlikheid van ŉ individu om betrokke te raak by sekere tipes gedrag, verhoog (Rich, 2003:73). Erooga en Masson (2006:07) bespreek die eienskappe en vereistes wat moontlik bydra tot adolessente om seksuele oortredings te pleeg. Volgens hierdie outeurs dra psigososiale probleme en tekortkominge in sosiale vaardighede soms by tot seksuele oortredings. Ryan (2010:4) noem dat adolessente soms toestemming misverstaan omdat hulle nie kan onderskei tussen toestemming, samewerking en toegeeflikheid nie. Die uitkoms in terme van die gedrag mag as identies voorkom, maar die bedoeling, motivering en persepsie is verskillend. Die ervaring verskil ook. “Whereas consent implies both persons have similar knowledge, understanding, and choice, cooperation implies active participation regardless of personal beliefs or desire and may occur without consent; and compliance may indicate passive engagement without resistance in spite of opposing beliefs and desires.” (Ryan, Leversee & Lane 2010:4).

Harris en Bezuidenhout (2010:33) het in ŉ studie oor die risikofaktore wat aanleiding gee tot adolessente wat verkrag, die volgende faktore geïdentifiseer:

- Onvoltooide gesinstrukture;
- Substans-misbruik;
- Die “culture of violence”;
- Pornografie;

- Invloed van pornografie;
- Verkragtingsmites;
- Seksuele viktimisasie in die verlede;
- Groepsdruk.

Ullman en Hillweg (1999:104) verduidelik dat kinders wat ander kinders verkrag, moontlik bloot net herhaal wat self met hulle gebeur het. “Children that are abused and then act out similar behaviour may not realise that they are hurting the victim, particularly if they use persuasion rather than violence to gain compliance.” (Harris & Bezuidenhout, 2010:30; Van Niekerk, 2006:102). Adolessente wat ander kinders verkrag is waarskynlik ook self seksueel misbruik. Die National Center on Sexual Behavior of Youth (2003:2) berig dat ongeveer 40-80% van adolessente seksuele oortreders self seksueel misbruik en 25-50% fisies mishandel is.

Vir die doel van hierdie studie het die navorser gefokus op die maatskaplike werkers se benadering tot adolessente verkragters. Zastrow en Kirst-Ashman (2007:226) beskryf adolessensie as die oorgangsperiode tussen kindwees en volwassene, waartydens jongmense fisies en seksueel ryp word. Vervolgens definieer Bezuidenhout en Campher (2006:24) ’n adolessent as ’n individu wat homself/haarself in die ontwikkelingsfase vanaf puberteit tot volwassenheid bevind en tussen die ouderdom van 12 en 18 is. Volgens Erikson (Zastrow & Kirst-Ashman, 2007:258) se Psigososiale Teorie, bevind adolessente hulself in die fase van ‘Identiteit vs. Rolverwarring’. Tydens dié fase vind jongmense uit wié hulle is en word hul identiteit gevestig. Dit is die oorgangsperiode van kind tot volwassene waartydens mense die verskeie rolle wat hul vertolk, ondersoek.

Asamoah (2003:10) verwys na Freud in haar verduideliking dat, tydens adolessensie, noemenswaardige hormonale en liggaamlike veranderings plaasvind, wat weer lei tot betekenisvolle sensasies en belangstelling in seks onweerstaanbaar maak. Adolessensie is al beskryf as ’n tydperk van seksuele opgewondenheid. Verder bespreek Asamoah (2003:12) die adolessente seksuele interaksie wat gewoonlik uitgeken word deur ’n ongelyke mag tussen manlike en vroulike adolessente. Seuns word geleer dat hulle seksueel aggressief moet wees, en as manlike adolessente, sien hulle meisies slegs as seksuele instrumente (Ortese, 2009:2156)

Booysen (2003:28) definieer die adolessente verkragter as verkragting deur ŉ persoon jonger as 18 "with a person of any age (1) against the victim's will, (2) without true consent, or (3) in an aggressive, exploitive or threatening manner".

Die navorser het slegs gefokus op adolessente verkragters wat ander kinders verkrag het. Dus gaan die slagoffer ook jonger as 18 wees.

Programme wat kognitiewe gedragsbehandeling gebruik, word bevind as die mees suksesvolste wanneer daar met adolessente verkragters gewerk word. Hierdie programme help die adolessent om die verband tussen gedagtes, gevoelens en aksies te verstaan, asook om gesonder denkpatrone en maniere om emosies te hanteer, te ontwikkel. Meeste behandelingsprogramme, in samewerking met kognitiewe gedragsmodelle, sluit modelle in vir die voorkoming van terugvalle. Hierdie programme fokus op hoë risiko-situasies waarin die adolessent homself moontlik kan bevind en poog om vaardighede te ontwikkel wat die adolessent sal help om hierdie situasies uit te ken en te hanteer (Child Justice Alliance).

Volgens Stout (2003:15) is daar in Suid-Afrika twee hoë profiel programme wat dienste aan adolessente seksuele oortreders bied. Stout (2003:15-16) bespreek die twee programme naamlik, Childline se program en SAYSTOP. Hierdie programme word nie gebruik deur deelnemers wat aan die studie deelgeneem het nie. Die programme word ook nie in die westelike deel van Johannesburg, die gebied waarop die navorser gefokus het, geïmplementeer nie.

*Childline*

Die Childline as instelling is oorspronklik van KwaZulu-Natal en is in 1986 gevestig as ŉ krisis-hulplyn vir kinders. Childline het al sedert 1991 programme waar hulle met adolessente seksuele oortreders werk. Die meerderheid van Childline se verwysings kom vanaf die kriminele geregtigheidsisteem, maar hulle aanvaar ook verwysings vanaf ander bronne. Voordat die adolessent toegelaat word tot die program (Young Offender), word hy deur ŉ assesseringsproses gesit wat 6-8 weke kan duur indien die adolessent deur die hof hierheen verwys is. Die intervensietydperk geskied oor ŉ lang termyn en kan tot ŉ minimum periode van twee jaar duur. Die program is ŉ multimodel en behels ŉ kombinasie van individuele-, gesins- en groepsterapie, waarby teoretiese benaderings soos psigodinamika, gedrags-, rasionele-, emosionele- en gesinsteorieë ŉ rol speel.

Childline benadruk die belangrikheid van verhoudings en verklaar dat die vertrouensverhouding tussen die oortreder en die terapeut die adolessent die vrymoedigheid gee om sy oortreding volledig bekend te maak.

*SAYSTOP (South African Young Sex Offenders Programme)*

Hierdie program het in 1997 sy oorsprong in die Wes-Kaap gehad in samewerking met RAPCAN (Resources Aimed at the Prevention of Child Abuse) van die Universiteit van die Wes-Kaap. Oorspronklik is daar gefokus op die ontwikkeling van ŉ korttermyn program, deur gebruik te maak van die psigososiale lewensvaardighede-formaat. Teen einde Mei 1998 is ŉ programhandleiding saamgestel vir adolessente wat hul eerste seksoortreding met min verswarende faktore gepleeg het. Adolessente kan ná hierdie tien sessies-program, deur middel van aanbevelings vanaf die aanbieder, verwys word vir ŉ alternatiewe vonnis of ander agentskappe. Die program fokus op die areas van misdaadbewusmaking, algemene seksopvoeding, slagoffer-empatie en die voorkoming van ŉ terugval.

Graaff (2005:13) verwys na ŉ studie wat gedoen is oor die SAYSTOP program. Daar is bevind dat dit suksesvol is met betrekking tot die volgende:

- Om herhaling van die gedrag te verminder;
- Om deelnemers aan te moedig om verantwoordelikheid vir hul misdade te neem;
- Om deelnemers te laat besef wat die gevolge van hul oortreding is;
- Om kommunikasie te verbeter.

Graaff (2005:13) meld wel dat die program minder suksesvol is in die verhoging van slagoffer-empatie; om geslagsmites hok te slaan; en die ontwikkeling van woede-bestuursvaardighede. Wood (2002:28) maak die stelling dat SAYSTOP gepas is vir adolessente wat hul eerste seksoortreding gepleeg het en waar geen aggressie ter sprake was nie.

Miner *et al.*, 2006:4 skryf die volgende in verband met benaderings: “In many areas, treatment response to sexual abuse by juveniles has been based on narrow principles such as relapse prevention, the offense cycle, and the presumption of sexual deviance”. Ten einde suksesvolle intervensieprogramme vir adolessente verkragters te ontwikkel en in praktyk toe te pas, moet die adolessente deur maatskaplike werkers holisties en binne

konteks van sy of haar gesin, skool en ander sosiale sisteme gesien word (Miner *et al.*, 2006:3). ʼn Holistiese program vorm samehangende netwerke wat die adolessent se welstand in alle areas van hul ontwikkeling (sosiaal, emosioneel, kognitief, fisies, spiritueel) bevorder. Ontwikkeling word dus verstaan as ʼn komplekse proses met baie fasette, wat deur verskeie kontekste en sisteme en die verhoudings daartussen uitgeken word.

**Navorsingsvraag:**

Badenhorst (2009:25) verduidelik dat navorsingsvrae breedvoerige vrae is wat die doel/stelling van ʼn navorsingsprojek uitpak om sodoende navorsers instaat te stel om kennis te verkry op ʼn sistematiese wyse.

Die volgende navorsingsvraag kan uit die probleemstelling geformuleer word:

- *Hoe kan maatskaplike werkers adolessente verkragters holisties benader?*

## 2. DOELSTELLING

Om vas te stel hoe maatskaplike werkers adolessente verkragters holisties kan benader.

## 3. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Indien maatskaplike werkers adolessente holisties benader, sal die behandeling van adolessente verkragters meer effektief wees en voorkom dat hulle weer seksuele misdrywe pleeg.

## 4. NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 4.1 Literatuurstudie

ʼn Literatuurstudie word gedoen om by te dra tot ʼn verbeterde begrip van die aard en mening van die probleem wat bestudeer word (Fouché & Delport, 2011:134). “The literature study will contribute to frame the problem and to provide the outline of what will be studied.” (Botma *et al.,* 2010:208; Fouché & Schurink, 2011:305).

Volgens Lues en Lategan (2006:11) speel die literatuurstudie ʼn beduidende rol tydens ʼn kwalitatiewe studie. Dit verskaf ook die fondasie vir elke ander vlak van die studie (Thyer, 2001:401).

Die navorser het van ŉ verskeidenheid geakkrediteerde bronne soos boeke, internetbronne, navorsingsverslae, skripsies en vaktydskrifte gebruik gemaak. Databasisse soos EBSCO HOST en SAEPublications is benut. Die navorser het ook van vaktydskrifte en e-boeke gebruik gemaak.

Deur van bogenoemde bronne gebruik te maak, is temas soos adolessente seksuele oortreders, adolessente ontwikkeling, adolessente seksoortredingsprogramme, verkragting, maatskaplike werkers se rol ten opsigte van die adolessente verkragter, faktore wat lei tot adolessente wat verkrag, holistiese benadering, adolessente verkragters en seksuele oortredings, ondersoek.

## 4.2 Empiriese ondersoek

### 4.2.1 Navorsingsontwerp

Die kwalitatiewe benadering is tydens hierdie studie gebruik. Kwalitatiewe data is empiries en sluit in die dokumentering van werklike gebeure, die afneem van wat mense sê en die waarneming van gedrag (Neuman, 2003:320). Fouché en Schurink (2011:320) verduidelik dat kwalitatiewe navorsers besorg is oor verstaan, eerder as om te verduidelik, en met natuurlike observasie werk eerder as gekontroleerde meting.

Die studie se oogmerk is verkennend en beskrywend. Marlow (2005:334) definieer verkennende navorsing as ŉ vorm van navorsing wat oorspronklike insigte in die aard van ŉ saak genereer, en dan vrae ontwikkel wat ondersoek kan word deur meer intensiewe studies. Engel en Schutt (2013:18-19) verduidelik dat verkennende navorsing ondersoek instel na die omstandighede van ŉ gemeenskap, hoe mense oor die weg kom in hul omgewing, watter betekenisse hul heg aan hul aksies en wat hul bekommer. Verkennende navorsing kan verrykende, betekenisvolle inligting of soms self definitiewe verduidelikings aan individue gee. Vervolgens verklaar Babbie & Mouton (2001:80) soos aangehaal in Chinakidzwa, Dika, Molefi, Mutasa, Yawathe & Perumal, 2013:197), dat verkennende studies meestal gedoen word om nuuskierigheid en behoefte vir beter begrip, te bevredig, asook om die uitvoerbaarheid van meer intensiewe studies te toets.

Hierdie studie het gebruik gemaak van ŉ interpreterende, beskrywende navorsingsontwerp. De Vos, Strydom, Schulze en Patel (2011:8) verwys na Babbie en Mouton (2001:28) in hul verduideliking dat hierdie ontwerp inhou dat alle mense betrokke is in die proses om sin te maak van hul wêreld en voortdurend hul daaglikse optredes

interpreteer, skep, betekenis gee, definieer, regverdig en rasionaliseer. Fouchè en Delport (2011:65) meen dat die navorser dit wat sy/hy sien, hoor en verstaan, interpreteer om sodoende ŉ komplekse en holistiese prentjie te skep.

### 4.2.2 Navorsingskonteks

Gauteng beslaan slegs 1,4% van Suid-Afrika se landelike area, maar dra meer as 33% by tot die nasionale ekonomie. Gauteng is die Sesotho woord vir "plek van goud" (Anon. 2012).

Die twee groot stede in Gauteng is Pretoria wat die hoofstad is en Johannesburg wat die grootste stad in Suid-Afrika is. Johannesburg word soms vergelyk met Los Angeles wat ŉ soortgelyke stedelike voorkoms het van hoofweë en interseksies. Johannesburg is ŉ enkel munisipaliteit wat meer as 1 645 vierkante kilometers beslaan.

Mynhope en skagtorings is steeds simbole van Johannesburg se ryk verlede, maar moderne argitektuur is ook orals te sien.

Die stedelike area strek ononderbroke in ŉ westelike rigting deur Roodepoort en Krugersdorp en in ŉ oostelike rigting deur Germiston, Springs, Boksburg en Benoni.

Gegewens oor Gauteng:

- Tale: Zulu (19,8%); Engels (13,3%); Afrikaans (12,4%); Suid-Sotho (11,6%)
- Populasie: 12 272 263 (2011)
- Area: 16 548 vierkante kilometers
- SA populasie: 23,7% (Anon. 2012)

Die navorser het hoofsaaklik gefokus op die westelike area van Johannesburg.

### 4.2.3 Deelnemers

Die navorser het eerstens gebruik gemaak van ŉ doelgerigte metode en het maatskaplike werkers uit haar netwerk, wat aan die vereistes voldoen, genader. Daarna het die navorser gebruik gemaak van die sneeubalmetode, waar die deelnemers gevra is om die name van ander maatskaplike werkers wat ook aan die vereistes voldoen, te voorsien. Omdat dit onbekend is wie en hoeveel maatskaplike werkers met adolessente verkragters

werk, was die sneeubalmetode effektief gewees. Strydom (2011a:233) verwys na Alston en Bowles (2003) in sy bespreking van die sneeubalmetode, waar die beskikbaarheid van toepaslike deelnemers vir die studie, onbekend is. Die bestuurders/toesighouers, van die maatskaplike werkers, is eers genader vir welwillendheidstoestemming. Nadat die inhoud van die navorsing aan hulle verduidelik is, is toestemming versoek vir die deelname van hul maatskaplike werkers. Nadat die sekretaresse in ŉ kort telefoniese onderhoud die doel van die navorsing beskryf het, het die bestuurders/toesighouers ook aan die maatskaplike werkers die omvang van die studie verduidelik. Nadat die maatskaplike werkers wat aan die vereistes voldoen het, ingestem het om deel te neem, het die bestuurders/toesighouers hul ingeligte geskrewe toestemming verkry om aan die studie deel te neem.

Wanneer ŉ navorser in komplekse, oorvleuelende temas belangstel, word aangevoer dat slegs ses onderhoude voldoende sal wees om betekenisvolle temas en bruikbare interpretasies te skep. Wanneer die doel van die navorsing, soos in hierdie geval, egter is om algemene persepsies onder ŉ homogeniese groep te verstaan, word minstens twaalf onderhoude aanbeveel (Guest, Bunce & Johnson, 2006:78-79) of onderhoude totdat die data versadig is.

Die **insluitingskriteria** vir deelnemers is as volg:

- Beide mans en vrouens mag aan die studie deelneem.
- Maatskaplike werkers moet Afrikaans- of Engelsprekend wees aangesien die navorser slegs Engels of Afrikaans kan praat.
- Met die oog op toeganklikheid, moet deelnemers woonagtig wees in die Gauteng provinsie (Johannesburg-Wes).
- Maatskaplike werkers moet werksaam wees in ŉ privaat praktyk, welsynsorganisasies of privaat organisasies. Omdat die werk met adolessente verkragters nie by alle organisasies ingesluit is nie, moet maatskaplike werkers uit alle moontlike velde betrek word om genoegsame data in te samel.
- Maatskaplike werkers moet geregistreer wees by die South African Council for Social Service Professions (SACSSP). Maatskaplike werkers moet met adolessente verkragters in intensiewe terapeutiese konteks werk.

Die **uitsluitingskriteria** vir deelnemers is as volg:

- Afgetrede maatskaplike werkers. Die navorsingsinligting moet op die hede van toepassing wees, met die nuutste navorsing ingesluit.
- Maatskaplike werkers wat nie Afrikaans of Engels magtig is nie. Die navorser kan slegs Engels of Afrikaans praat en met behulp van tolke is etiese kwessies ter sprake asook die risiko van inligting wat nie korrek weergegee word nie.

#### 4.2.4 Data-insamelingsproses

Die navorser het semi-gestruktureerde een-tot-een onderhoude as metode vir data-insameling gebruik. Volgens Greeff (2011:351) vind ʼn semi-gestruktureerde onderhoud plaas wanneer ʼn stel vooropgestelde vrae as riglyn vir die onderhoud gebruik word, maar met ʼn steeds buigbare en aanpasbare aanwending daarvan. Die navorser het gepoog om die maatskaplike werkers se benaderings teenoor adolessente verkragters vas te stel, leemtes in hulle benadering en behandelingsprogramme uit te wys en dan aanbevelings te maak ten opsigte van die holistiese benadering tot adolessente verkragters. Die maatskaplike werkers wat deelgeneem het aan die studie word as kundiges in die veld geag, en het die skedule slegs gedien as ʼn gids om die onderhoude te rig.

Greeff (2011:342) beskryf ook die onderhoud as ʼn sosiale verhouding wat bedoel is om inligting uit te ruil tussen die deelnemer en navorser. Volgens Liversage (2003:51) kry die navorser wat van onderhoude gebruik maak, die geleentheid om die toepaslikheid van die ingesamelde inligting te monitor en te verseker dat die inligting reg geïnterpreteer en verstaan word.

Die navorser het beskrywende data ingesamel wat verder ondersoek is deur oop-eindevrae, peilingsvrae en opvolgvrae. Die navorser het ʼn onderhoudvraelys met ses oop vrae opgestel wat tydens die onderhoude gebruik is (Gaizauskaite, 2012:24; Gill *et al.,* 2008:293; Greeff, 2011:366). Met die ingeligte toestemming van die deelnemers is bandopnames van elke onderhoud gemaak, en het die navorser ook intensiewe veldnotas gemaak direk ná elke onderhoud (Greeff, 2005:298).

Die volgende vrae is gevra:

1. *Watter programme gebruik u wanneer u met adolessente verkragters werk?*
2. *Uit u ervaring, watter faktore gee aanleiding tot adolessente wat verkrag?*

3. *Watter benaderings, volgens u opinie, lei tot suksesvolle intervensies met adolessente verkragters?*

4. *Beskryf u persoonlike gevoel oor en benadering tot adolessente verkragters?*

5. *Watter leemtes kan u identifiseer in die huidige behandelingsprogramme vir adolessente verkragters?*

6. *Hoe kan ŉ adolessent verkragter holisties benader word sodat behandeling optimaal kan geskied?*

**4.2.5 Prosedures**

- Die navorser het toestemming verkry van die Gesondheidsnavorsingskomitee, Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, om die studie uit te voer.
- Voordat hulle ingestem het om deel te neem, is die doel van die navorsing en die omvang daarvan aan elke deelnemer verduidelik deur middel van ŉ kort telefoniese onderhoud. Die bestuurders/supervisors is vooraf geskakel om hul welwillendheidstoestemming te verkry vir die deelname van hul maatskaplike werkers aan die studie.
- Die bestuurders of sekretaresse het ingeligte geskrewe toestemming van elke deelnemer, en indien nodig, die organisasie waarby hulle werksaam is, verkry. Dit het geskied deur die toestemmingsbriewe te e-pos nadat hulle telefonies ingelig is oor die studie. Die bestuurders/supervisors van die maatskaplike werkers by organisasies het dan potensiële deelnemers geïdentifiseer en genader om ingeligte toestemming te verkry. Die voltooide skriftelike toestemmingbriewe is aan die sekretaresse terugbesorg of aan die navorser gegee voor die aanvang van die onderhoude.
- Die plek en tyd van elke onderhoud is met die deelnemers telefonies of per e-pos geskeduleer. Die onderhoud is geskeduleer sodra die voltooide toestemmingsbrief terugontvang is, en het, indien moontlik, binne 2 weke geskied. Die onderhoude het in ŉ kantoor in Ruimsig plaasgevind en privaatheid is gewaarborg. Die kantoor was deel van ŉ meenthuiskompleks en was ná ure ook beskikbaar. Daar was verversings beskikbaar tydens die onderhoude. Deelnemers kon ook aandui indien

hulle sou verkies dat die onderhoude in hul eie kantore plaasvind – die navorser het dan reëlings hiervolgens getref.

- Tydens die onderhoud het die navorser eers tyd geneem om ŉ verhouding met die deelnemer te bou, en te praat oor alledaagse gebeure, belangstellings, ens.
- Die data is ingesamel en opgeneem met ŉ digitale bandopnemer. Die navorser het gebruik gemaak van ŉ skedule om die onderhoud te lei en te struktureer.
- Ná elke onderhoud het die navorser gedetailleerde veldnotas gemaak.
- Alle inligting is toegesluit en op ŉ rekenaar gestoor wat met ŉ wagwoord beskerm is.
- Alle veldnotas en bandopnames is aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, oorhandig, om dit te stoor vir ŉ tydperk van minstens 5 jaar voordat dit vernietig sal word. Slegs die navorser en haar studieleier het toegang tot die inligting.
- Terugvoer van die resultate van die navorsing sal aan die deelnemers deur middel van ŉ brief per e-pos gestuur word sodra die finale skripsie ingehandig en aanvaar is.
- Die verslag is voltooi in die formaat van ŉ mini-skripsie.

#### 4.2.6 Data-ontleding

Marton en Booth (1997) soos verduidelik in Olivier (2009) beweer dat data-analise reeds tydens die onderhoud begin. Creswell (2009:184) meen dat kwalitatiewe data-analise ŉ proses is wat deurentyd plaasvind deur middel van data-insameling, interpretasies en verslagskrywing. Volgens Liversage (2003:53) kan dataverwerking beskryf word as die proses om sin te maak uit die ingesamelde data in die navorsingsproses. Schurink, Fouché en De Vos (2011:398) bevind dat die dataverwerkingsproses van kwalitatiewe data ŉ mate van kreatiwiteit aan die navorser se kant toelaat.

Die navorser het van Creswell (2013:182) se spiraal van data-analise gebruik gemaak. Die stappe soos deur Creswell (2013:182) uiteengesit, is as volg:

- Organiseer en transkribeer die data na ŉ werkbare teks.
- Lees data en maak notas.
- Beskryf, klassifiseer en interpreteer data na kodes en temas. (Navorser moet die ingesamelde data begin groepeer en moontlike temas/subtemas identifiseer. Daardeur kan die navorser begin vasstel watter inligting/stellings deurentyd voorkom, waar daar verskille is, ens. Tydens hierdie stap begin die navorser die ingesamelde data klassifiseer ten opsigte van die doelwitte wat sy gestel het).
- Interpreteer data.
- Stel data visueel voor.

### 4.2.7 Vertrouenswaardigheid

Botma *et al.,* (2010:232) verwys na Lincoln en Guba se boustene vir geldigheid en betroubaarheid in kwalitatiewe navorsing. Die vier kriteria naamlik waarheidsgetrouheid, toepaslikheid, konsekwentheid en neutraliteit word soos volg bespreek:

**Tabel 4-1: Standaarde, strategieë en toegepaste kriteria om vertrouenswaardigheid te verseker**

| Standaard | Strategie | Kriteria |
|---|---|---|
| **Waarheidsgetrouheid** | Geloofwaardigheid | Die navorser het eers ŉ verhouding met die deelnemers opgebou deur hul in te lig van die doel van die studie, en hul rol daarin te verduidelik.<br><br>Veldnotas is direk ná elke onderhoud geskryf.<br><br>Die studieleier is geraadpleeg en het gekyk of die transkribering, temas en subtemas ooreenstem met die bandopnames en veldnotas. |

| | | |
|---|---|---|
| **Toepaslikheid** | Oordraagbaarheid | Die metode van steekproefneming word duidelik omskryf.<br><br>Die aantal onderhoude word bepaal deur dataversadiging.<br><br>Alle resultate is volledig beskryf.<br><br>Bevindings en aanbevelings kan benut word vir meer indiepte studies om behandelingsprogramme te skep. |
| **Konsekwentheid** | Vertroubaarheid | Etiese stappe is volledig en deeglik uitgevoer.<br><br>Verbatim bandopnames maak dit moontlik om data insameling te oudit.<br><br>Kodering en herkodering is met behulp van studieleier gedoen. |
| **Neutraliteit** | Bevestigbaarheid | Die inhoud word akkuraat gereflekteer deur middel van gedetailleerde transkripsies van die bandopnames.<br><br>Alle veldnotas is nagesien en beskikbaar gestel vir kontrole. |

#### 4.2.8 Etiese aspekte

Die navorser het die volgende etiese aspekte ingedagte gehou tydens die studie:

- Bekwaamheid van navorser

Die navorser is by die South African Council for Social Service Professions (SACSSP) as Maatskaplike Werker geregistreer (Registrasienommer: 1031359) en gebind aan die raad se etiese kode en verwagtinge. Die navorser het tydens haar M-studies in Forensiese Praktyk, in die navorsingsmodule geleer om onderhoude te voer.

- Vrywillige deelname

Strydom (2011b:116) verduidelik dat alle deelnemers ten alle tye vrywillig aan navorsing moet deelneem, dat niemand geforseer mag word nie en dat die navorser alle moontlike en toepaslike inligting beskikbaar stel sodat deelnemers weet waaroor die studie gaan. Die bestuurders en maatskaplike werkers in die privaat praktyk is deur die sekretaresse by die navorser se werk gekontak om sodoende geskrewe ingeligte toestemming te kry. Neuman (2003:124) benadruk dat niemand omgepraat moet word om deel te neem nie, aangesien deelname altyd vrywillig moet wees. Aangesien die sekretaresse as objektiewe persoon, en nie die navorser self die potensiële deelnemers telefonies genader het, kon hul meer gemaklik wees om eerlik aan te dui of hulle werklik wil deelneem of nie. Alle deelnemers kon ook op enige stadium tot voor data-analise uit die studie onttrek, sonder om benadeel te word.

- Skriftelike ingeligte toestemming

Bestuurders/toesighouers van organisasies is deur die sekretaresse genader om eerstens met welwillendheid toestemming te gee dat hul maatskaplike werkers mag deelneem. Daarna is geskrewe ingeligte toestemming vanaf die maatskaplike werkers self verkry. Die sekretaresse/bestuurders het die relevante persone ingelig oor die studie en wat dit behels. Die deelnemers was goed ingelig oor die doelwitte en prosedure van die navorsing en het hul geskrewe ingeligte toestemming gegee. Hulle het die studie ten volle verstaan en sodoende ŉ vrywillige en deeglik beredeneerde besluit geneem oor hul deelname. Skriftelike ingeligte toestemming is vanaf alle deelnemers verkry. Hulle is ŉ tydperk van drie dae gegun om daaroor ná te dink en ŉ finale besluit te neem, waarna hulle die brief aan die mediator teruggegee het, en die onderhoud geskeduleer is. Die briewe is in Engels en Afrikaans opgestel. Die voltooide toestemmingbriewe is waar

moontlik binne ŉ week aan die sekretaresse terugbesorg. Wanneer die navorser die afsprake gereël het, het sy opnuut weer in detail die navorsingsproses verduidelik.

- Vertroulikheid, anonimiteit en privaatheid

Deelnemers moet ingelig word oor alle moontlike limiete ten opsigte van die beginsel van vertroulikheid, asook die stappe wat geneem sal word om te verseker dat vertroulikheid nie geskend word nie (Morris 2006:246). Vertroulikheid is ten alle tye gehandhaaf. "Vertroue wys op die verhouding tussen deelnemer en navorser" (Ryan, 2004 in Olivier, 2009). Die deelnemers se identiteit is ook anoniem gehou deurdat geen werklike name in die navorsing gebruik is nie en onderhoude in ŉ kantoor gehou is, wat privaatheid gewaarborg het. Die kantoor was in ŉ meenthuiskompleks en was ná ure ook beskikbaar. Indien die deelnemer verkies het om sy/haar eie kantoor te gebruik vir die onderhoude, is reëlings daarvolgens getref indien dit as privaat beskou is. Die navorser het anonimiteit verseker deur die inligting vertroulik te stoor en die analisering daarvan alleen te doen.

- Berging van data

Inligting is geberg in die navorser se kantoor, waar dit in ŉ laai toegesluit kon word en die sleutels veilig weggebêre is. Elektroniese inligting is met ŉ wagwoord op die navorser se persoonlike rekenaar geberg, en slegs die navorser het toegang tot die rekenaar gehad. Alle ingesamelde data is ook aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus oorhandig waar dit vir ŉ tydperk van 5 jaar in ŉ kluis geberg sal word voor dit vernietig word.

- Publikasie van bevindinge

Strydom (2011b:126) verduidelik dat bevindinge skriftelik aan die publiek bekend gemaak moet word en dat die navorser sensitief moet wees om plagiaat ten alle tye te vermy. Die navorser het slegs krediet geneem vir werk wat sy self gedoen het en volgens Apgar en Congress (2005:64) moet ŉ akkurate verslag van evaluerings en bevindinge weergegee word. Strydom en Stander (2011:375) dui aan dat die finale verslag objektief, akkuraat en duidelik moet wees, en dat dit alle noodsaaklike inligting moet bevat. Die verslag is eers aan die navorser se studieleier gegee, wat die inhoud daarvan vergelyk het met die bandopnames, transkripsies en veldnotas.

Die bevindinge is deur middel van ŉ brief aan elke deelnemer per e-pos gestuur nadat die finale skripsie aanvaar is.

- Vergoeding

Strydom (2011b:121) dui aan dat wanneer deelnemers vergoed word, dit ŉ etiese kwessie word, aangesien mense moontlik slegs wil deelneem aan die studie omdat hulle vergoed word – en dit het implikasies vir die doel van die studie. Die navorser het nie deelnemers vergoed nie. Hulle is vooraf per telefoon ingelig en die inligting hieroor is ook in die toestemmingsbrief ingesluit.

Deur deel te neem aan die studie is die deelnemers die geleentheid gegun om ŉ bydrae te lewer tot die verbetering van intervensies wanneer daar met adolessente verkragters gewerk word. Dit dra dus by tot meer effektiewe terapie en sodoende verhoed dit dat hierdie adolessente ná behandeling weer seksuele misdrywe pleeg. Saam met die finale uitslae van die studie, in briefformaat, word ŉ bedankingsbrief aan elke deelnemer gestuur.

Die enigste kostes verbonde aan die studie, was die deelnemers se brandstof om na die kantoor in Ruimsig te ry waar die onderhoud plaasgevind het.

- Vermyding van skade

Volgens Babbie (2007:27) is die fundamentele etiese reël by navorsing die vereiste dat die studie geen skade aan die deelnemers moet aanrig nie. Om emosionele en fisiese skade te verhoed, word die deelnemers vooraf ingelig oor die studie en die doel daarvan, asook die moontlike ongemak wat hulle kan ervaar, sodat hulle ingeligte toestemming kan gee of vroegtydig kan onttrek uit die studie (Strydom, 2011b:115). Tydens die skedulering van die onderhoude is daar gepoog om vas te stel of ŉ deelnemer moontlik emosioneel kwesbaar is. Die moontlikheid om die betrokke maatskaplike werker eerder nie te betrek by die studie nie, is dan oorweeg. Die deelnemers het wel die risiko geloop om moontlike emosionele ongemak tydens die studie te ervaar.

- Ontlonting van deelnemers

Ontlontingsessies is geleenthede waartydens deelnemers ná die studie deur hul ervarings kan werk, en probleme, wat as gevolg van die ervarings geskep is, kan regstel (Strydom, 2011b:122). Strydom (2011b:122) verwys na Salkind (2000:38) wanneer hy verduidelik dat die maklikste manier om ontlonting te doen, is om, direk ná die onderhoud, ŉ gesprek met deelnemers te hê oor hul gevoelens, of om ŉ nuusbrief uit te stuur wat hulle weereens inlig oor die basiese doel of resultate van die studie. Die navorser het, indien deelnemers dit sou versoek, ŉ onafhanklike berader beskikbaar gestel wat hulle

sou kon bystaan met ontlonting ná die onderhoud. Indien die deelnemers nie met die berader wou praat nie, kon hulle tydens hul supervisie-sessie met hul toesighouer oor hul ervaring praat.

Aansoek is gedoen vir goedkeuring by die Gesondheidsnavorsingskomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, om die studie uit te voer in die Forensiese Maatskaplike Werk Praktyk.

## *5. BEPERKINGE VAN DIE NAVORSING*

Die volgende beperkinge van die navorsing kan genoem word:

- Die terugvoertydperk van sekere organisasies en maatskaplike werkers het die proses vertraag.
- Sommige organisasies het geweier dat hul maatskaplike werkers deelneem aan die navorsing en was die aantal maatskaplike werkers wat deelgeneem het beperk.
- Daar was beperkte bronne beskikbaar oor die holistiese benadering van adolessente verkragters.
- Aangesien daar min respondente was, kan die afleidings nie veralgemeen word nie.

## *6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE*

### 6.1 Adolessent

Barker (2014:8) beskryf adolessensie soos volg: "The life cycle period between childhood and adulthood, beginning at puberty and ending with young adulthood." Vir die doel van hierdie navorsing gaan 'n adolessent beskou word as 'n individu tussen die ouderdom van 13 en 18 jaar.

### 6.2 Maatskaplike werker

Volgens die Vaktaalkomitee (1995:60), is 'n maatskaplike werker 'n geregistreerde persoon wat aan die vereistes van die Social Work Act, 1978 (Act No. 110 of 1978) (SA, 78) voldoen om maatskaplike werk te praktiseer.

### 6.3 Verkragting

Barker (2014:354) omskryf verkragting soos volg: “The crime of forcing a non-consenting person to engage in some form of sexual contact, usually involving penetration. The force may take the form of violent assault or real or implied threat. The perpetrator is almost always a man.” Verder definieer die Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters Amendment Act 32 of 2007) verkragting as enige persoon wat onwettig en met opset, dade van seksuele penetrasie uitvoer met ’n ander party, sonder die toestemming van die party. So ’n persoon, is skuldig aan die oortreding van verkragting.

### 6.4 Holistiese benadering

Adams, Dominelli en Payne (2009:322) omskryf holisties as volg: “Holism is not concened solely with the whole person, it is concerned with whole systems as well as wholeness in both persons and systems and the interactions between them.”

## *7. NAVORSINGSBEVINDINGE*

Die navorser het deur middel van semi-gestruktureerde een-tot-een onderhoudvoering, maatskaplike werkers se holistiese benadering tot adolessente verkragters, verken. Verskeie temas en subtemas kan vanuit die data geïdentifiseer word.

Alvorens die temas en subtemas bespreek word, word die profiel van die deelnemers uiteengesit:

### 7.1 Profiel van die deelnemers

Vyf deelnemers vanuit nie-winsgewende organisasies en drie maatskaplike werkers in ’n privaat praktyk het aan die navorsing deelgeneem. Daar word na die deelnemers verwys as deelnemers A, B, C, ens.

### 7.1.1 Dorpe/Areas en aantal deelnemers

**Tabel 7-2: DORP/AREA EN AANTAL DEELNEMERS**

| Wes Gauteng | Aantal deelnemers |
|---|---|
| Rosebank | 1 |
| Roodekrans | 2 |
| Krugersdorp | 2 |
| JHB Parktown | 2 |
| Randburg | 1 |
| Totaal | 8 |

Die maatskaplike dienslewering in hierdie organisasies en privaat praktyke, bevat diverse rasgroeperinge, kulture, woongebiede, en sosio-ekonomiese omstandighede.

### 7.1.2 Ouderdom en geslag

**Tabel 7-3: OUDERDOM EN GESLAG**

| Deelnemers | Ouderdom | Geslag |
|---|---|---|
| Deelnemer A | 41-50 | Vroulik |
| Deelnemer B | 51-60 | Vroulik |
| Deelnemer C | 31-40 | Manlik |
| Deelnemer D | 41-50 | Vroulik |
| Deelnemer E | 41-50 | Vroulik |
| Deelnemer F | 41-50 | Vroulik |
| Deelnemer G | 31-40 | Vroulik |
| Deelnemer H | 41-50 | Vroulik |

Agt deelnemers het aan die navorsing deelgeneem. Sewe van die deelnemers was vroulik, van wie een tussen die ouderdom 31 en 40, vyf tussen die ouderdomme 41 en 50, en een tussen die ouderdom 51 en 60. Slegs een deelnemer was manlik en tussen die ouderdom 31 en 40.

### 7.1.3 Kwalifikasies, registrasie en hoedanigheid

**Tabel 7-4: KWALIFIKASIES, REGISTRASIE EN HOEDANIGHEID**

| Deelnemers | Diploma | Graad/Nagraads | Registreer | Hoedanigheid |
|---|---|---|---|---|
| Deelnemer A | | X | X | Privaat |
| Deelnemer B | | X | X | Privaat |
| Deelnemer C | | X | X | Organisasie |
| Deelnemer D | | X | X | Organisasie |
| Deelnemer E | | X | X | Organisasie |
| Deelnemer F | | X | X | Organisasie |
| Deelnemer G | | X | X | Organisasie |
| Deelnemer H | | X | X | Privaat |

Al die deelnemers is geregistreerde maatskaplike werkers by die South African Council for Social Services Profession (SACSSP). Al die deelnemers (100%) beskik oor ŉ vierjaar graadopleiding in maatskaplike werk of hoër. Al die deelnemers werk met adolessente wat verkrag. Drie deelnemers praktiseer privaat en hanteer gevalle van adolessente wat verkrag en vyf deelnemers is werksaam in organisasies wat met adolessente verkragters werk.

## 7.2 Temas en Subtemas

Die navorser het deur middel van semi-gestruktureerde een-tot-een onderhoudvoering die holistiese benadering tot adolessente verkragters verken. Vyf hooftemas met subtemas is uit die studie afgelei. Die navorser gaan vervolgens elke tema en toepaslike subtemas breedvoerig bespreek. Die bespreking sal verwysings na deelnemers se verbatim-response en relevante literatuur bevat. Tabel 4 hieronder is ŉ uiteensetting van die temas en subtemas soos bevind in hierdie navorsingsprojek:

**Tabel 7-5: TEMAS EN SUBTEMAS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Tema 1 | Temas van gestandaardiseerde programme | | |
| | Subtema 1 | Aggressie/geweld/ misdaad | |
| | Subtema 2 | Seksuele opvoeding | |
| | Subtema 3 | Snellers en terugvalle | |
| | Subtema 4 | Lewensvaardighede | |
| | Subtema 5 | Empatie | |
| | Subtema 6 | Denkpatrone en prosesse | |
| Tema 2 | **Leemtes in programme wat gebruik word** | | |
| | Subtema 1 | Tydsduur van programme | |
| | Subtema 2 | Inhoud van programme | |
| | Subtema 3 | Opleiding van fasiliteerders | |
| | Subtema 4 | Befondsing en bewusmaking | |
| | Subtema 5 | Nasorg | |
| Tema 3 | **Eienskappe en vereistes van maatskaplike werkers** | | |
| | Subtema 1 | Nie veroordelend en aanvaarding | |
| | Subtema 2 | Kennis | |
| | Subtema 3 | Gemaklike terapeutiese omgewing en grense | |
| Tema 4 | **Faktore wat aanleiding gee tot adolessente wat verkrag** | | |
| | Subtema 1 | Pornografie | |
| | Subtema 2 | Vroeëre seksuele mishandeling | |
| | Subtema 3 | Blootstelling aan ongunstige omstandighede | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Subtema 4 | Groepsdruk | | |
| | Subtema 5 | Sosio-ekonomiese omstandighede | | |
| Tema 5 | **Holistiese benaderings** | | | |
| | Subtema 1 | Benaderings en intervensies | | |
| | | | Kategorie 1 | Kognitiewe Herstrukture-ring/ Gedragsterapie |
| | | | Kategorie 2 | Ekologiese/ Sisteemteorie |
| | | | Kategorie 3 | Dramaterapie |
| | Subtema 2 | Assessering | | |
| | Subtema 3 | Genesende reg | | |
| | Subtema 4 | Opvoeding van gemeenskap | | |
| | Subtema 5 | Terapie/Werkswyse | | |

### 7.3 Bespreking van bevindinge

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is die maatskaplike werkers se benaderings en perspektiewe tot adolessente verkragters nagevors, om sodoende te bepaal op watter wyse maatskaplike werkers adolessente verkragters holisties kan benader. Tydens die onderhoudvoering is maatskaplike werkers gevra om:

- hul programme en benaderings wat hulle toepas, te verduidelik;
- introspeksie te doen oor hul eie perspektiewe;
- faktore wat hul teëgekom het wat aanleiding gee tot verkragting, weer te gee;
- en ook hul eie opinie oor hoe adolessente verkragters holisties benader kan word, te verduidelik.

Die navorser gaan vervolgens die temas en subtemas wat tydens die ondersoek geïdentifiseer is, soos voorheen uitgewys, bepreek.

### 7.3.1 TEMA 1: Temas van gestandaardiseerde programme

Bykans alle deelnemers het verduidelik dat hulle ŉ gestandaardiseerde program wat ontwikkel is vir hul organisasie of in hul private hoedanigheid in groepsverband toepas wanneer hulle met adolessente verkragters werk. Die programme is deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, volgens spesifieke riglyne, aanvaar en geregistreer om gebruik te word wanneer daar met adolessente verkragters gewerk word. Die programme is deur maatskaplike werkers in die praktyk opgestel en fokus merendeels op groepe, met individuele sessies ingewerk. Onderwerpe wat in die programme behandel word, word vervolgens bespreek:

#### 7.3.1.1 Subtema 1: Aggressie/geweld/misdaad

Die rol van geweld/aggressie het sterk na vore gekom tydens die onderhoude, waar ses deelnemers vertel het hoe hulle hierdie element in hul programme en werk met adolessente verkragters, aanspreek. Seksuele oortreding korreleer met gewelddadige en aggressiewe gedrag, omdat dit nie net ŉ misdaad teen die liggaam en waardigheid van die slagoffer is nie, maar daar ook soms ŉ element van geweld teenwoordig is om die oortreder verder te bemagtig (Harris & Bezuidenhout, 2010:32). Verkragting as sodanig word as ŉ gewelddadige/aggressiewe misdaad gekenmerk. Daar word ŉ element van aggressie binne sommige van hierdie adolessente verkragters waargeneem, en dus kan die misdaad nie sonder die emosie aangespreek word nie. Hierdie waarnemings dui aan dat dit belangrik is om jongmense wat seksueel skade aanrig, toe te rus met vaardighede wat kan help om hul aggressiewe denke en gevoelens op aanvaarbare wyses te hanteer. Dit help ook as die jongmens enige verbintenis wat moontlik tussen seksueel skadelike gedrag, denke en aggressie kan ontstaan, sal identifiseer (Erooga & Masson, 2006:170). Dieselfde outeurs meen dat aggressie as tema binne ŉ program, die volgende doelwitte moet hê:

- Om te verstaan watter voordele dit inhou om beheer oor jou aggressiewe emosies te hê;
- Om instaat te wees om gedrag, denke en liggaamlike veranderinge, geassosieer met die opbou van aggressie, te herken;
- Om strategieë te ontwikkel wat die gedragsveranderinge, geassosieer met aggressie, beheer;

- Om strategieë aan te leer wat die negatiewe denke, geassosieer met aggressie, beheer;
- Om strategieë aan te leer om die liggaamlike opwekkingsvlakke, geassosieer met aggressie, beheer;
- Om te kan onderskei tussen passiewe, selfhandhawende en aggressiewe aggressie.

Die volgende is van die deelnemers se verbatim response rakende die aanspreek van aggressie in hul programme:

*"Dan natuurlik bietjie beheer oor jou aggressie, want enige seksuele oortreding word mos maar as aggressief gesien, met ander woorde bietjie beheer oor die aggressie daarso."*
*Deelnemer F*

*"The programme is addressing all about the definition on violence, the section of violence."*
*Deelnemer G*

*"And then… also the masks they use when they are doing the… when they are not themselves… the fake mask of which we call it the violent mask. And then again anger management is part of it, childhood violence and their responsibility." Deelnemer G*

*"…die impak van misdaad op hulle en die gemeenskap en dan ook die victim." Deelnemer B*

*"So ja, jy weet vertel hulle waaroor die misdaad gaan, die gevolge van misdaad, die gewelddadige deel en dan maak dit bietjie meer persoonlik oor hulle eie misdaad."*
*Deelnemer F*

*"…life skills mostly on behavioural changes like building your self-esteem, anger management…"*
*Deelnemer D*

*"'n groot ding wat ons vind met ons jeugoortreders is anger management. Hulle is verskriklik aggressief, en baie keer het hulle nie emotional intelligence nie, so hulle deal nie met emosies nie, especially met anger is dit belangrik. Maar ook net understanding*

*violence, dat baie keer begin violence met verbal abuse en dan emotional abuse en dan physical abuse.”*
*Deelnemer E*

*“…we are looking at anger management skills, of conflict management, video anger management skills and also problem solving skills.”*
*Deelnemer C*

#### 7.3.1.2 Subtema 2: Seksuele opvoeding

Soos die definisie van adolessensie dit stel is hierdie oortreders in ŉ stadium van selfontdekking en verwesenliking. Seksuele opvoeding speel dus ŉ onvervangbare rol in hierdie vorming van identiteit. Vir baie jongmense wat seksueel skade aanrig, kan faktore soos gebroke gesinsomstandighede, traumatiese lewenservarings en onderontwikkelde sosiale vaardighede die normale uitdagings van puberteit vererger (Erooga & Masson 2006:164).

Ses van die deelnemers het seksuele opvoeding as ŉ tema in hul program en hulle het die volgende stellings gemaak:

*“Dan werk ons ŉ gedeelte deur van ouderdomsgepaste seksuele gedrag, ons spreek seksuele gedrag aan en negatiewe seksuele denkpatrone, so wat ons doen is verander die onaanvaarbare seksuele gedrag na meer aanvaarbare seksuele gedrag.”*
*Deelnemer A*

*“…bietjie met opvoeding, wat met jou liggaam gebeur.”*
*Deelnemer F*

*“So dis onkunde, dis hoekom daar ook die seksuele opvoedings deel is.”*
*Deelnemer F*

*“Yes puberty. The difference btween the males and the females.”*
*Deelnemer G*

*“…sexual uhm… when they try to learn about their bodies you know how other parts are functioning.”*
*Deelnemer D*

*“Gevalle wat ons kry is baie keer modelling, so die kinders fantasize nog nie oor die gedrag nie so ons doen baie sexual education daaroor.”*
*Deelnemer E*

*“Then sex and sexuality in a broader scale, and we are also looking at actions and consequences and aspects of it.”*
*Deelnemer C*

**7.3.1.3 Subtema 3: Snellers en terugvalle**

Tydens die onderhoudvoering kon die navorser vasstel dat die seksuele oortreding nie net gebeur nie, maar dat die adolessente se gedrag aangespoor is deur een of ander ‘sneller’. Snellers kan moontlik die volgende wees: ’n kognitiewe denke; ’n beeld; ’n emosie; ’n situasie; of ’n sensasie (Erooga & Masson, 2006:196). Twee van die deelnemers het snellers as deel van hul programinhoud bespreek. Alhoewel sommige net melding gemaak het van snellers wat moontlik kan lei tot verkragting, word dit in twee onderhoude genoem as ’n tema in hul intervensie.

Die seksuele mishandeling-siklus kan, volgens die navorser, saam met snellers bespreek word, omdat hierdie teorie duidelik aandui dat daar ’n aanloop van gebeurtenisse/denke ens. is wat lei tot die adolessent wat verkrag. Die seksuele mishandeling-siklus wys op die beplande en bewuste aard van seksuele mishandeling, en die feit dat seksuele mishandeling nie bloot net gebeur nie. Daar is kognitiewe en/of emosionele voorafgaande faktore wat geïdentifiseer kan word en waarop gereageer kan word voordat die mishandeling uitgevoer word (Boyd & Bromfield, 2006:8).

Deelnemer E het die volgende stelling gemaak:

*“Dit is baie keer net om ’n gordyn te hang tussen jou en die kinders, want dit word op die ou end ’n trigger.”*

Erooga en Masson (2006:196) verduidelik dat, om die adolessent in staat te stel om te dink oor die emosionele, kognitiewe of omstandigheidssnellers wat lei tot sy seksuele aggressie, en dan te besluit watter alternatiewe gedrag meer aanvaarbaar sal wees, kan bydra tot die leer van nuwe gedrag. Dit gee aan die adolessent ook inligting rakende sy hoë risiko-situasies en terselfdertyd help dit volwassenes om ’n meer beskermende omgewing te skep. Verder noem Erooga en Masson (2006:16) dat, wanneer ’n oortreder

sy eie siklus verstaan, hy hierdie kennis met ander kan deel, deur sy eie 'alert check list' te ontwikkel. Dit vereis ŉ hoë vlak van tot verantwoordingroep vir denke en persoonlike keuses, asook herkenning van interne en eksterne hoë risikofaktore. Hierdie proses poog verder om aan die adolessent die konsep van verantwoordelikheid te leer, naamlik die vermoë om selfhandhawend te wees en nie geaffekteer te word deur eksterne druk of invloede tydens die maak van keuses nie (O'Donohue & Levensky, 2004:877).

Deelnemer D verduidelik dat, om slegs die snellers aan te spreek, nie voldoende is nie:

*"…then we did relapse, how to help when you feel like doing something again."*

Die adolessent moet ook verder geleer word hoe om ŉ terugval te voorkom. Om slegs snellers te identifiseer gaan nie herhalende gedrag verhoed, indien die adolessent nie ingelig word oor hoe om regmatig op te tree wanneer hy met die sneller gekonfronteer word nie. Terugvalvoorkoming fokus op die identifisering van ŉ reeks gebeurtenisse wat aanleiding gee tot seksuele oortredings in die verlede, en wyses om die denke en gedrag te vervang wat gelei het tot onaanvaarbare seksuele gedrag. Hierdie proses poog om die oortreder te waarsku wanneer hy die potensiële risiko loop om weer te oortree, sodat hy die omstandighede direk kan aanspreek om sodoende die gebeurtenisse wat tot onaanvaarbare seksuele gedrag lei, te vermy (Huss, 2009:140).

#### 7.3.1.4 Subtema 4: Lewensvaardighede

Adolessensie is ŉ komplekse lewensfase waartydens die individu met baie vrae en onsekerheid gekonfronteer word. Volgens Bartol en Bartol (2012:333) kan onvoldoende interpersoonlike vaardighede, swak verhoudings met vriende, en sosiale isolasie beskou word as deel van die sosiale probleme wat geassosieer kan word met hierdie adolessente. Verder maak Boyd en Bromfield (2006:4) die stelling dat jongmense wat kinders mishandel moontlik ŉ relatiewe tekort aan sosiale vaardighede het, wat lei tot isolering van vriende. Om hierdie rede bespreek vyf van die deelnemers hierdie tema in hul program met adolessente verkragters aan. Die navorser het uit die onderhoude met die deelnemers bevind dat swak aangeleerde lewensvaardighede tot ŉ mate aanleiding gegee het tot die seksuele oortredings van adolessente. Hierdie bevinding word ondersteun deur Erooga en Masson (2006:171) wat meen dat impulsiewe en swak sosiale probleemoplossingsvaardighede faktore is wat bydra tot menige adolessent se seksueel beskadigende gedrag. Serrao (2004:1) klassifiseer hierdie groep adolessente verkragters as ondergesosialiseer – hulle het naamlik ŉ tekort aan interpersoonlike

vaardighede, en oortree gereeld as ŉ manier om die mag wat hulle nie het nie weens onvoldoende sosiale vaardighede, te vervang.

Die deelnemers spreek lewensvaardighede op die volgende wyses aan:

*"Gaan oor selfbeeld, wie is ek, waar kom ek vandaan, so jy begin by die kinderjare wie hy was, jy kyk wie hy is, jy kyk na die gesin, gemeenskap, jy kyk hoe hy homself handhaaf en identifiseer so dan probleem."*
*Deelnemer B*

*"Dan doen ons life skills, veral om hulle te leer om spanning te hanteer want baie keer weet hulle nie hoe om hulle spanning te hanteer nie."*
*Deelnemer A*

*"They would then give us a programme to work with the child, a life skills programme to work within the life space of the children on daily basis making sure that all interactions were therapeutic in nature."*
*Deelnemer H*

*"…and then we start focussing on life skills, life skills mostly on behavioural changes like building your self esteem…"*
*Deelnemer D*

*"Life skills om die gedrag te stop, en dan baie belangrik pro-sosiale skills." Deelnemer E*

*"…in our themes we also do role modelling that also have subthemes of choosing friends, peer pressure – how to withstand peer pressure, that is how we try to address it."*
*Deelnemer C*

Lewensvaardighede is ŉ belangrike aspek wat aangespreek moet word, omdat dit ŉ noue verband het met die voorafgaande subtema naamlik Snellers en terugvalle. Naidoo en Sewpaul (2014:89) haal Dennison en Leclerc (2011) aan wat meen dat sosiale isolasie en swak sosiale vaardighede twee risikofaktore is wat algemeen is in beide adolessente misdaad en adolessente seksuele heroortreding. Die afleiding kan dus gemaak word dat, indien adolessente nie positiewe lewensvaardighede aanleer nie, hulle makliker sal terugval in ou gewoontes en weer misdaad kan pleeg. Binne groepsverband word die adolessente die geleentheid gegun om die tipe probleme wat hul tans ervaar en moontlik in die toekoms kan ervaar, te bespreek. Sodoende oorweeg en oefen hulle om die

vaardighede wat hulle aanleer, te gebruik om hierdie probleme op te los (O'Callaghan, Quayle & Print, 2006:171). Lewensvaardighede as subtema kan ook nie afsonderlik gesien word as grond-oorsaak van hul seksuele oortreding nie. Boyd en Bromfield (2006:4) staaf hierdie stelling en verduidelik dat, alhoewel swak impulsbeheer ŉ bydraende faktor is tot die oortreding, dit moontlik slegs bydra tot die uitvang van die oortreder, eerder as dat dit enige beduidenis is vir die gedrag.

#### 7.3.1.5 Subtema 5: Empatie

Empatie kan soos volg beskryf word: "Die kapasiteit om dieselfde emosionele reaksie te ervaar as wat deur 'n ander persoon getoon word; in terapie, die vermoë van 'n terapeut om die wêreld deur die kliënt se oë te beskou en sodoende sy/haar emosies te begryp" (Passer, 2015). Vyf van die deelnemers ag die ontwikkeling van empatie as ŉ belangrike tema wat in hul program aangespreek word. Die ontwikkeling van slagoffer-empatie is bekend as belangrike faktor in die voorkoming van terugvalle, maar dit is ook een van die mees uitdagende aspekte vir adolessente om aan te leer (Erooga & Masson, 2006:198). In ŉ studie wat 25 adolessente verkragters betrek het, het Naidoo en Sewpaul (2014:89) vasgestel dat al hul deelnemers ŉ swak selfbeeld en lae selfvertroue gereflekteer het, dat hulle nie hul gevoelens kon weergee nie en dit moeilik vind om empatie te betoon.

Die deelnemers het die volgende oor die ontwikkeling van empatie gesê:

*"Die verdedigingsmeganismes word aangespreek en dan spreek ons baie duidelik die impak op die slagoffer aan, wat die gedrag vir die slagoffer beteken het sodat hulle insig kan ontwikkel van hulle dade."*
*Deelnemer A*

*"Then empathy, we try to show them how it feels if this happens to them."*
*Deelnemer D*

*"So ons doen verskriklik baie victim impact, so daar is ŉ sessie wat net gaan oor understanding the victim en empatie ontwikkel."*
*Deelnemer E*

*"We are looking at victim empathy, so we actually deal much with victim empathy which means we help them to role play and put them in the shoes of their victims."*
*Deelnemer C*

Wanneer empatie by ŉ adolessente verkragter gekweek word, kan dit bydra tot voorkoming dat die adolessent weer dieselfde misdaad pleeg. Om te leer om met die slagoffer te simpatiseer is sentraal tot verskeie behandelingsprogramme, waar die volgende tegnieke tydens behandeling benut kan word om empatie te bevorder:

- Slagoffer impakverklarings;
- Oortreders wat die slagoffer se vrae beantwoord;
- Oortreder klassifiseringsbriewe as metode om hulle verantwoordelik te hou en die ontkenning van die misdaad te verminder;
- Die oortreder wat bereid is om met die slagoffer te kommunikeer en die skade te erken;
- Oortreder wat verantwoordelikheid aanvaar vir sy dade;
- Oortreder wat spytgevoelens wys omdat hy die slagoffer seksueel te ná gekom het;
- Restitusie (skuldvergoeding) (Green-Mitchell, 2010:16).

Een van die deelnemers het tydens die onderhoudvoering genoem dat daar eers gewerk moet word aan die adolessent se eie ervaring van verkragting, voordat hy empatie kan toon met sy slagoffer. Dit kan selfs moeilik wees vir die jongmens om die emosionele impak en pyn van die ander kind wat deur hom geviktimiseer is, te hanteer, indien sy eie ervaring van viktimisasie nie aangespreek word nie (Erooga & Masson, 2006:198).

#### 7.3.1.6 Subtema 6: Denkpatrone en -prosesse

Drie deelnemers maak spesifiek melding van hulle fokus om denkprosesse te verander as tema tydens hul intervensies met adolessente verkragters. "Distorted cognitions, also described as thinking errors, refer to pro-offending beliefs or attitudes that justify, rationalize or support the sexually abusive behavior. They commonly distort the role of their victim in the abuse, portraying then as in some way responsible for encouraging or initiating sexual contact" (Erooga & Masson, 2006:14). Een van die deelnemers het tydens die onderhoudvoering daarop uitgebrei dat, om die adolessente se gedrag te verander en empatie te ontwikkel, daar aandag geskenk moet word aan hul denkpatrone en -prosesse ten einde positiewe gedrag aan te leer. Kroese (1997) soos gebruik in Holtzhausen (2004:108) beskryf die doel van terapie as: om die persoon te help om sy

disfunksionele en irrasionele denke te ontbloot en dan te bou aan meer aanpasbare en funksionele tegnieke om beide inter- en intrapersoonlik te kan reageer.

Verbatim-response van die deelnemers:

*"Ek het dit nou nie daar bo gesê nie, maar een van die goed wat in die program aangespreek word, is om hulle te leer van positiewe gedrag, positiewe denke…"*
*Deelnemer A*

*"…weet jy wat, ons wil hê hulle moet verstaan wat hulle thought patterns is en wat hulle triggers is."*
*Deelnemer E*

Dit word as voordelig geag om denkpatrone en -prosesse binne groepsverband aan te spreek. Die groepwerk omgewing gee aan die jongmense 'n geleentheid om hul eie en ander se sienings oor seksualiteit, en wat bydra tot seksuele mishandelende gedrag, aan te spreek. Hulle deel dan ook hul ervarings van hoe sleutelboodskappe rakende seks aangeleer is en hoe om hulself voortaan te handhaaf in 'n gesonde seksuele verhouding (O'Callaghan, Quayle & Print, 2006:164).

### 7.3.2 Tema 2: Leemtes in programme wat gebruik word

Die deelnemers is tydens onderhoudvoering gevra om die leemtes in programme uit te wys, nie net in die program wat hulle toepas nie, maar alle programme waarvan hulle bewus is.

Vervolgens gaan die navorser die leemtes wat algemeen uitgelig is, bespreek.

#### 7.3.2.1 Subtema 1: Tydsduur van programme

Die onderhoudvoeringsproses het aan die lig gebring dat sommige deelnemers van mening is dat die tyd wat hulle gegun word om saam met die adolessente verkragters te werk, nie altyd genoeg is nie. Verkragting is 'n ernstige oortreding waaraan hulle skuldig bevind is, en die deelnemers meen dat om hulle slegs eenmaal 'n week te sien, nie voldoende is nie. Dus, afhangende van die program se beplande tydsduur, sien die maatskaplike werkers die adolessente eenmaal per week vir 8 – 12 weke.

Die deelnemers het die volgende response rakende die tydsduur van programme gehad:

*"Ek glo baie sterk daaraan dat jy moet opvolg individueel ook, ook langtermyn behandeling want ek weet vir 'n feit ek het al met 'n kliënt gewerk waar dit hom twee jaar gevat het om te herken hy het oortree. Definitief ook langtermyn intervensie."*
*Deelnemer F*

*"Ek dink 'n groot leemte vir my is die tydperk. Ek dink die programme in SA is nie lank genoeg nie."*
*Deelnemer F*

*"…the weaknesses either could be the time. They say one hour therapy, which is good. But within this one hour you still have to try to arrange refreshments for them, you still have to organize money for transport. So then you see them for only 30min so you cannot go into deeper things…"*
*Deelnemer D*

*"Die gedrag is aangeleer oor 'n baie lang tydperk, en nou wil jy dit in 'n baie kort program aanspreek."*
*Deelnemer E*

**7.3.2.2 Subtema 2: Inhoud van programme**

Hierdie leemte het reeds in die beperkinge van die navorsing aan die lig gekom. Daar is 'n tekort aan gespesialiseerde rehabilitasieprogramme vir adolessente verkragters, en dan is die inhoud van sommige van die huidige programme van so aard geskryf dat dit eintlik die maatskaplike werker tydens sy/haar terapie beperk. Stout (2003:17) verwys na Chaffin en Bronner (1998:314) en noem dat dit tans onmoontlik is om die stelling te maak dat een vorm van behandeling vir adolessente verkragters beter is as 'n ander. Vyf van die deelnemers het hierdie subtema tydens hul onderhoude aangeraak en die volgende rakende dit uitgelig:

*"Ons praat van een of twee programme beskikbaar, daar is nie programme beskikbaar nie ons moet nou kinders verwys, jy kan nou sê daar is 'n programmetjie beskikbaar, maar jy weet nie wat die sukses van daardie program is nie."*
*Deelnemer B*

*"…I think the problem is that programmes are very generalised, and should be more individual focussed within their system."*

*Deelnemer H*

*“Daar is baie min programme wat gespesialiseerd is, daar is baie organisasies wat nie opgelei is om met die kinders te werk nie.”*
*Deelnemer A*

*“The weaknesses it could be sometimes it is the organisation it self. Uhm… they could like limit you – you can only work in this space you don’t have to take them out you see.”*
*Deelnemer D*

*“I don’t think there is enough. Because in our forum meetings there is only a few of us, and when we look at the stats on young offenders it is really growing and we really need work force.”*
*Deelnemer C*

#### 7.3.2.3 Subtema 3: Opleiding van fasiliteerders

Om met adolessente verkragters te werk is ŉ gespesialiseerde veld en verg insig en kennis in die komplekse wese van ŉ adolessent in hierdie ontwikkelingsfase maar ook insig in die oortreding. Die programme wat reeds beskikbaar is spreek soveel as moontlik van die aspekte aan, maar die program self sal nooit suksesvol wees indien die fasiliteerder nie die inhoud verstaan en dit op die korrekte wyse aanwend nie. Die program kan briljant op papier wees, maar as die fasiliteerder nie goed genoeg toegerus is nie, sal dit nooit suksesvol wees nie. Programme moet reg bestuur word, gebruik maak van opgeleide personeel en geïmplementeer word met duidelik geïdentifiseerde doelstellings en doelwitte waaraan daar konstant voldoen word. Die program het opgeleide personeel met integriteit, geskrewe handleidings en ŉ gereelde evalueringsproses nodig (Stout, 2003:18). Jonker en Du Preez (2012:25) verduidelik dat as groot hindernisse ervaar word, maatskaplike werkers nie voldoende opgelei is om die programme uit te voer nie. Die navorser het tydens haar onderhoudvoering agtergekom dat ŉ paar deelnemers self nie die inhoud van die programme wat hulle aanbied, verstaan en ken nie. Finkelhor, Ormrod en Chaffin (2009:8) beveel aan dat, om te verseker dat effektiewe intervensie met die adolessente seksoortreder geskied, die polisie, aanklaers, parool-offisiere en proefbeamptes die toepaslike opleiding en bronne moet ontvang om effektief en sensitief teenoor die seksoortreders te reageer. Verder noem Holtzhausen (2004:108) dat programme goed bestuur moet word met goed opgeleide personeel wat

besorgd is oor die effektiwiteit van die program en beskikbaarheid van voldoende bronne. Die opleiding van die fasiliteerders is een van die belangrikste en bepalende aspekte en kan bepaal of die adolessent suksesvol gaan rehabiliteer of nie.

Vier van die deelnemers het hierdie saak ook direk bespreek tydens hul onderhoude:

*"Daar is nie mense nie, daar is nie eers mense wat die programme doen nie." Deelnemer B*

*"Another problem is that not enough psychologists and social workers are actually trained in cognitive behavioural therapy and offer that type of service, though I do believe that programmes have a place in the treatment process. I do belief that one-on-one with a trained person is very important. And a lot of people who do run the programme does not have a coherent understanding of the programmes, and to me that is very concerning."*
*Deelnemer H*

*"…persone wat in hierdie posisies is om met hierdie kinders te werk nommer een nie gemaklik is nie en nommer twee nie opgelei is nie."*
*Deelnemer F*

*"…you know we are not getting enough opportunity to develop ourselves in this field and maybe specialize."*
*Deelnemer C*

#### 7.3.2.4 Subtema 4: Befondsing en bewusmaking

Hierdie subtema sluit aan by subtema 2, wat merendeels die rede vir die tekort aan programme probeer aanspreek. Om programme te skryf, maatskaplike werkers op te lei, en dan aaneenlopend die programme te laat implementeer, is befondsing nodig. Aangesien dit egter nie altyd beskikbaar is nie, word programme geskryf, miskien eenkeer geproefloop maar word daar nooit vasgestel of dit wel suksesvol is en 'n positiewe bydrae lewer al dan nie. Daar is dus, nie geld om dit verder te beproef en te ontwikkel nie.

Van die deelnemers stem saam met hierdie stelling:

*"En ons beveel baie sterk aan omdat ons befonds word deur Social Development dat daar ten minste 'n jaar lange after care program is wat ons doen in 'n youth club. Waar die kind nou sy pro-sosiale gedrag kan beoefen in die klub maar ons kry nie befondsing*

*daarvoor nie. So daardie kind, die kanse dat hy weer gaan oortree is groot want ons verander nie die behaviour nie."*
*Deelnemer E*

*"…jou probleem is soos Nicro en daardie mense buite, hulle word net gefund of kapitaal gegee vir 'n jaar dan loop dit dood."*
*Deelnemer B*

Die navorser het ook bevind dat die gemeenskappe nie bewus is van beskikbare programme om die adolessente wat verkrag, te hanteer nie.

Die volgende response is verkry:

*"…the awareness, maybe we can go to schools to make them aware about the programmes."*
*Deelnemer G*

*"Ek dink, daar moet baie meer awareness wees. Ek dink die kinders wat seksueel oortree, so min eindig eintlik op in ons program. Daar moet meer beheer wees daar buite en ons moet meer awareness doen."*
*Deelnemer E*

#### 7.3.2.5 Subtema 5: Nasorg

Soos vroeër genoem is hierdie rehabilitasieproses nie 'n 'quick fix' nie. Sommige van die adolessente manifesteer hierdie tipe gedrag oor jare en is dit so deel van hul identiteit dat mens dit nooit binne 'n paar weke heeltemal kan verander nie. Daarom is dit belangrik om sodra die adolessent die program suksesvol voltooi het, ook nasorg te doen en gereeld in te loer by hom en te kontroleer of hy die nuwe vaardighede wat hy aangeleer het, in sy daaglikse lewe kan toepas.

Vir twee deelnemers was hierdie 'n groot leemte in alle hedendaagse programme en intervensies met adolessente verkragters.

*"Byvoorbeeld 'n groot leemte vir my is daar is 'n goeie behavioural program en die kind gaan daar deur en dan is daar nie byvoorbeeld befondsing vir 'n nasorg program nie."*
*Deelnemer E*

*"Aftercare programmes really are lacking, we cannot intervene and then leave the children the way they are because the environment will be the same…"*
*Deelnemer C*

### 7.3.3 Tema 3: Eienskappe en vereistes van maatskaplike werkers

Meeste deelnemers het aangedui dat, al weet en voel hulle dat adolessente verkragters hulp nodig het, hulle steeds hul eie optrede en denke moet reguleer om sodoende objektief te bly teenoor die adolessent. Dit is geen verrassing nie dat, om met seksoortreders te werk, 'n impak het op die praktisyn – op komplekse en verskeie maniere. Die hoogs omstrede sosiale konteks waarbinne daar met seksuele oortreders gewerk word, beteken dat dit normaalweg nie in 'n eenvoudige en emosioneel neutrale sfeer plaasvind nie (Hackett, 2006:238). Dieselfde outeur lig die volgende eienskappe en vereistes van maatskaplike werkers uit, ten einde objektief te kan bly tydens die intervensies met adolessente verkragters:

- Respek;
- Warmte en vriendelikheid;
- Egtheid en opregtheid;
- Bemoedigend;
- Selfvertroue;
- Belangstellend;
- Nie-konfronterend;
- Gepaste selfonthulling;
- Gepaste gebruik van humor;
- Goeie kommunikasie;
- Vermoë om aktiewe deelname aan te moedig;
- Vermoë om pro-sosiale houdings aan te moedig;
- Vermoë om oop-eindevrae te vra;
- Om frustrasie en probleme gepas te hanteer;
- Om genoeg tyd te spandeer aan kwessies.

Verder bespreek Hackett (2006:245) ook die persoonlike eienskappe van maatskaplike werkers wat spesifiek ter sprake is by jongmense wat skadelike seksuele gedrag vertoon. Hierdie eienskappe, soos genoem in die National Taskforce Report (The National

Adolescent Perp Network, 1993), is emosionele welstand, selfrespek, respek vir ander en persoonlike gedrag wat waardegerig is.

Die navorser gaan vervolgens vier eienskappe en vereistes bespreek wat nie net van toepassing is op die maatskaplike werker se persoonlike optrede nie maar ook op die fisiese omgewing soos uitgewys deur die deelnemers.

#### 7.3.3.1 Subtema 1: Nie-veroordelend en aanvaarding

Die adolessent word reeds deur die gemeenskap veroordeel en verstoot en daarom is dit belangrik dat die maatskaplike werker objektief en nie-veroordelend optree. Die terapeut moet dus ŉ nie-veroordelende houding inneem en geduldig en gefokus bly tydens die evaluering (Rich 2009:290). Hierdie aanslag en benadering tot adolessente verkragters is deur sewe van die deelnemers tydens hul onderhoude bespreek.

Die deelnemers het die volgende opinies in dié verband gelig:

*"I would say that you have to approach these kids in a loving understanding manner as difficlut as it is. The child needs to understand that they are accepted, they are human being that it is the behaviour that is unacceptable not the child. And it is really only with that approach of acceptance that the child can get greater respect for themselves and learn that they can overcome this."*
*Deelnemer H*

*"You know I don't judge them, because I feel they did not know better."*
*Deelnemer G*

*"Maar jy moet die persoon aanvaar en die gedrag aanspreek. Ek voel dis baie belangrik as ek met hulle werk moet hulle weet ek skei die persoon van die gedrag, ons spreek die gedrag streng aan omdat dit gevolge het…"*
*Deelnemer A*

*"I learn to be strong with them and accept them the way they are, up to the way I can see they need to change."*
*Deelnemer G*

*"With me, I look at them as children, uhm I don't judge them. I try by al means that I show love to them, acceptance that they are children."*
*Deelnemer D*

*“Vir my is ŉ seksuele oortreding soos enige ander oortreding wat ŉ tweede kans gegun moet word, dis kinders wat verkeerde besluite geneem het so ek is absoluut objektief as dit by die kinders kom.”*
*Deelnemer E*

*“And my idea is when I help an offender I am saving more victims, than to work with the victims. Because when I work with a victim it is like that the offender will victimize more, but if I work with the offender, I make sure the child is rehabilitated. In the back of my mind I know I have made sure that I have saved more than one child who would be a victim from this child.”*
*Deelnemer C*

#### 7.3.3.2 Subtema 2: Kennis

Tydens die onderhoudvoering het die noodsaaklikheid van kennis na vore gekom. Twee deelnemers het veral redelik daaroor uitgebrei. Die maatskaplike werker moet indiepte kennis en insig hê in die ontwikkelingsfase waarin die adolessent homself bevind, en ook die program en inhoud daarvan, verstaan en kan weergee. Adolessente het dus behandelings- en intervensieprogramme nodig wat gepas is vir hul ouderdom en fase van ontwikkeling (Boyd & Bromfield, 2006:11). Die dinamika van adolessente verkragters is kompleks en volgens Bankes (2006:262) kan die konsepte slegs ten volle verstaan en kennis slegs opgedoen word deur ervaring en intellektuele opleiding. Die komplekse fenomeen van die onbewustelike prosesse wat plaasvind wanneer daar gewerk word met jongmense wat seksueel mishandel, kan nie bemeester word gedurende ŉ gespesialiseerde nagraadse opleidingskursus wat ŉ paar dae duur nie.

Deelnemers F en E som dit mooi op:

*“In die eerste plek is adolessensie nie ŉ maklike ontwikkelingsfase nie, hulle is absoluut deurmekaar en weet nie waar hulle inpas nie.”*

*“So dis vir ons baie belangrik dat ons maatskaplike werkers die developmental stages ook moet ken.”*

Wanneer die maatskaplike werker kennis rakende hierdie komplekse lewensfase bemeester het, sal die program ook sodanig toegepas kan word sodat dit in hierdie adolessente se individuele behoeftes kan voorsien. “It is vital to recognize that youth sex offenders form a heterogenous population and that such offending behaviour may reflect

a broad variety on personality types and different factors may have contributed to the offending behaviour. This is necessary in order to offer the youth sex offenders the individual treatment that they need” (Harris & Bezuidenhout, 2010:30).

#### 7.3.3.3 Subtema 3: Gemaklike terapeutiese omgewing en grense

Die adolessent voel tot ŉ mate ontbloot en veroordeel omdat sy misdaad na vore gebring is. Daarom voer die deelnemers aan dat die omgewing waarin terapie plaasvind, van so ŉ aard moet wees dat dit gemaklik en toeganklik is. Dit is nie altyd maklik om ŉ veilige omgewing te skep nie, aangesien die gedrag van hierdie gevaarlike maar ook kwesbare adolessente, professionele angs veroorsaak en dit soms verwarrend kan wees om vas te stel hoe om hul behoeftes te bevredig (Vizard & Usiskin, 2006:134). Verder verduidelik O'Callaghan, Quayle en Print (2006:154) dat dit wel belangrik is dat die groepsomgewing ervaar word as ŉ veilige plek waar kwesbaarheid en openheid nie misbruik word nie.

Deelnemer F maak die volgende sterk stellings om te verduidelik waarom die omgewing en grense belangrik is:

*“Baie van hierdie kinders het nie grense nie, ek sê altyd vir my maatskaplike werkers as die kinders hier kom leer hulle basiese dinge soos dankie en asseblief want baie duidelik by die huis word dit nie vir hulle geleer nie.”*

*“Ek dink ook in my opinie het ek ook al gesê, enige persoon wat met ŉ seksuele oortreder werk moet nommer een gemaklik wees met hulle eie seksualiteit veral in hierdie ouderdomsgroep – ek sê vir maatskaplike werkers dat as jy enige ongemak het in daardie area gaan daardie kind dit optel soos nou en jou lewe hel maak in daardie groep, so jy moet gemaklik met jou eie seksualiteit wees as jy met ŉ seksuele oortreder wil werk.”*

Twee van die deelnemers het wel ook klem gelê op die belangrikheid van grense. In meeste gevalle kom die adolessent uit ŉ omgewing waar duidelike grense nooit vir hom gestel is nie, en dus moet hierdie konsep en die voordeel daarvan reeds vanaf die eerste interaksie neergelê word en onder geen omstandighede gebreek word nie. O'Callaghan, Quayle en Print (2006:154) maak ŉ belangrike stelling dat, alhoewel relevante groepreëls kan bydra tot ŉ positiewe omgewing, is dit die fasiliteerder (dus maatskaplike werker) se modellering van sensitiwiteit en respek wat meer dominant is in die stel van die atmosfeer vir die groep interaksies. Hierdie grense geld dus nie net vir die adolessent nie, maar ook vir die maatskaplike werker om sodoende deursigtig en eties korrek met die adolessent te werk. “Such a transparent and non-ambigious context should make it clear to the

therapist, patient and professionals that no inappropriate secrets will be kept in this therapy and that the therapist and the professional network are safe and incurroptable, in contrast to the adults previously know to the patient” (Vizard & Usiskin, 2006:136).

*“Ek voel ook dat die kinders moet ook strenger benader word, jy kan nie net onvoorwaardelik aanvaar nie, jy moet aanvaar maar grense moet gevorm word en ŉ baie direkte benadering moet gevolg word waar dit kom by die misdaad en die gevolge.” Deelnemer A*

#### 7.3.4 Tema 4: Faktore wat aanleiding gee tot adolessente wat verkrag

Tydens onderhoudvoering het die navorser probeer vasstel watter faktore moontlik aanleiding kan gee tot adolessente wat verkrag. Net soos elke adolessent se saak uniek is en hy as ŉ individu behandel moet word, is daar verskeie faktore wat hom beïnvloed het om te verkrag en dit verskil ook van een adolessent tot die volgende. Hesselink-Louw en Schoeman (2003:165) en Harris en Bezuidenhout (2010:31) verduidelik dat blootstelling aan die volgende daartoe bydra dat sekere jongmense vroeër onvanpaste seksuele gedrag toon as ander: onopgewasse ouerskap, swak seksuele grense binne die gesin, blootstelling aan seks en pornografie, substansiemisbruik, teenstrydige en mishandelende gesinsinteraksie, hoë vlakke van mishandeling en verwaarlosing, en hoë vlakke van onsekere bindings. Die volgende skrywers het die risikofaktore probeer klassifiseer: Thornton (2002) soos gebruik in Beckett (2006:219) meld dat daar vier groepe is naamlik seksuele belange; verwronge houdings; sosio-geaffekteerde funksionering; en selfbestuur. Rich (2009:111) verwys weer na Lipsey en Derzon (1998) wat vyf groepe geïdentifiseer het naamlik individueel; familie; vroeë antisosiale persoonlikheid en gedragseienskappe; en vroeë houdings en idees. Verder haal Rich (2009:392) ook die American Academy of Pediatrics (2001) aan wat faktore soos fisiese en seksuele viktimisasie, of blootstelling aan seksuele/fisiese geweld, lae IK, leerprobleme, sosiale en emosionele probleme, substansiemisbruik patrone en antisosiale gedrag uitlig. Die navorser gaan vervolgens die faktore wat sterk na vore gekom het tydens onderhoudvoering, bespreek. Daar moet ŉ konstante bewustheid wees dat jeug seksoortredings nie hul oorsprong vanaf ŉ enkele faktor kry nie, maar eerder ŉ kombinasie is van saambindende faktore (Harris & Bezuidenhout 2010:29).

#### 7.3.4.1 Subtema 1: Pornografie

Drie deelnemers het tydens die onderhoudvoerings genoem dat pornografie as faktor wat aanleiding gegee het tot die verkragting, pertinent na vore gekom het. Verskeie navorsers het ŉ korrelasie gevind tussen seksueel eksplisiete materiaal en die ontwikkeling van seksuele sienings en houdings in adolessente (Harris & Bezuidenhout, 2010:35). Volgens dieselfde outeurs (2010:36) kan pornografie die volgende negatiewe impak hê: dit kan kinders aanmoedig om seksueel betrokke te raak by ander kinders; dit kan houdings en waardes rakende seks, vrouens en seksualiteit vorm; en dit kan inmeng met die adolessent se ontwikkeling en identiteit. Adolessente ontwikkel binne die konteks van sosiale interaksies en onmiddellike omgewings, en hul idees, motiverings, waardes, houding en gedrag word gevorm deur die boodskappe wat hulle ontvang (Harris & Bezuidenhout, 2010:32). ŉ Studie wat gedoen is deur Naidoo en Sewpaul (2014:88) het gevind dat, alhoewel daar ŉ reeks voorafgaande faktore is, kom pornografie en groepsdruk as belangrike ontketeningsfaktore voor. Die meerderheid van hul deelnemers het gerapporteer dat wanneer adolessente na pornografie kyk, hulle gestimuleer word en wil eksperimenteer dit wat hulle waargeneem het. ŉ Verdere studie deur Greenfield (2004:741) soos deur Harris en Bezuidenhout (2010:35) bespreek, lig ŉ opvallende bevinding uit, naamlik dat pornografie seksuele geweld, seksuele houdings, morele waardes en seksuele aktiwiteite by die jeug kan beïnvloed. Serrao (2004:1) onderskei tussen sewe tipes adolessente seksoortreders, en pornografie as eksterne invloed word as deel van die naïewe eksperimenteerders gesien. Hierdie groep pleeg misdaad as ŉ wyse om hul seksuele nuuskierigheid te bevredig en hulle maak gebruik van omkopery, kullery en oorreding en is soms self slagoffers van seksuele mishandeling. Een deelnemer het spesifiek in haar onderhoud verwys na die impak van pornografie en die fantasieë rakende seksuele verhoudings. Pornografie kan ŉ ander medium en moontlik ook ŉ oorsaak wees van adolessente wat seksueel mishandelende gedrag aanleer omdat hulle fantasie-pornografie sien as ŉ normale seksuele realiteit en dus seksueel aggressiewe gedrag toon sonder dat hulle ŉ seksueel geviktimiseerde geskiedenis het (Harris & Bezuidenhout, 2010:35; Quayle & Taylor, 2006:117).

Die volgende deelnemers het stellings in hierdie verband gemaak:

*"Byvoorbeeld jy kan elke dag porn kyk, maar jou lewe is nie porn nie. Dit wat daai stupid ou op die tv doen, kinders sien dit en dan dink hulle dis hoe die lewe is. Ek dink hulle word blootgestel."*
*Deelnemer B*

*"Die blootstelling aan multimedia pornografie, ens. is nie meer by die huis nie dis op hulle fone."*
*Deelnemer A*

*"And also the influence of porn, almost 80% of our boys they point to pornography."*
*Deelnemer C*

*"…we are looking at what does the law say about sexual offending, because if the child is exposed to porn then that constitutes abuse to the child, and so many is actually exposed to pornographic material."*
*Deelnemer C*

Kinders word herhaaldelik blootgestel aan seksuele beelde in ons hedendaagse erotiese samelewing, byvoorbeeld op die televisie en in flieks. Steeds bly ouers skepties om oor seks met hulle kinders te praat omdat hulle glo kinders het nie seksualiteit nie en omdat hulle oor die algemeen huiwer oor gesprekke rakende seks (Horner, 2004:58). Quayle en Taylor (2006:121) en Rich (2009:58) staaf hierdie stelling verder met bewyse dat ons in ŉ seksuele wêreld leef en dit nie meer duidelik kan wees as in die teenwoordigheid daarvan in ons media nie.

#### 7.3.4.2 Subtema 2: Vroeëre seksuele mishandeling

Baie seksueel aggressiewe adolessente is self seksueel mishandel, wat beteken dat hulle ervarings beleef het wat kinders nie normaalweg deurmaak nie. Hierdie ervarings is soms ontstellend en die jong kind het enersyds nie die kognitiewe of emosionele vaardighede om dit te hanteer nie en andersyds het hulle ook nie die kennis van wat gesien word as normale seksuele gedrag nie (Butler & Elliott, 2006:194). Vyf van die deelnemers het tydens die onderhoudvoering verwys na die adolessent as slagoffer van seksuele mishandeling wat as bydraende faktor tot hul oortreding van verkragting gelei het. Naidoo en Sewpaul (2014:89) se studie met 25 adolessente seksuele oortreders, ondersteun

hierdie stelling met statistieke dat verskeie vorms van mishandeling deur die adolessente ervaar is. Baie was blootgestel aan ŉ kombinasie van seksuele, fisiese en emosionele mishandeling. Verder het hulle data uitgewys dat seksuele mishandeling in sommige families oor verskeie generasies gaan.

Die volgende stellings uit die onderhoude, bevestig wat die literatuur oor vroeëre mishandeling skryf:

*"…and obviously if the child has been a victim of sexual abuse that plays a role."*
*Deelnemer H*

*"Die program moet buigbaar wees vir die kind se behoefte, sekere van daai kinders is vroeër seksueel gemolesteer dan moet jy deur hulle vroeë trauma werk om die seksuele gedrag aan te spreek…"*
*Deelnemer A*

*"…is daar baie keer 'n history van sexual abuse, meeste van hulle is victims gewees van sexual abuse… So verkragting, molestering, dis gewoonlik in hulle history en dis wat aanleiding gee tot hulle seksuele gedrag."*
*Deelnemer E*

*"Yes even if it is not sexual offending, but abuse at large. Mainly physical and emotional abuse…"*
*Deelnemer C*

Daar is adolessente wat self seksueel mishandel is wat aanbeweeg om ander te mishandel. Boyd en Bromfield (2006:6) verwys na verskeie psigologiese meganismes wat in die literatuur voorgestel is: herlewing van hul eie mishandeling; sosiale leer en modellering; poging om meesterskap te bereik oor negatiewe ervarings; en wanneer seksuele opwekking gekondisioneerd is deur fantasieë oor mishandeling. Finkelhor, Ormrod en Chaffin (2009:3) vat dit mooi saam: alle jeugdige seksoortreders kom van ŉ wye verskeidenheid maatskaplike en gesinsagtergronde en kan of goed funksioneer of ŉ menigte van probleme hê. ŉ Aantal van hulle ken baie negatiewe ervarings soos ondervoeding en blootstelling aan geweld; en ander nie. Die outeurs maak verder die stelling dat in sommige gevalle ŉ geskiedenis van seksuele mishandeling in die kindertyd, kan bydra tot latere adolessente seksuele oortredings. Hulle voer aan dat meeste seksueel mishandelde slagoffers word egter nie seksoortreders tydens adolessensie nie.

#### 7.3.4.3 Subtema 3: Blootstelling aan ongunstige omstandighede

Gedurende die data-insamelingsfase van hierdie navorsing het vyf deelnemers uitgewys dat die adolessente se blootstelling aan media, geweld en gedrag van ander, hul idees en verwagtinge van verhoudings en seks vorm, wat so ook weer as bydraende faktor tot hul seksuele oortreding gesien kan word. Tydens die adolessent se ontwikkelingsfase begin sy soektog na identiteit en waar hy in die samelewing inpas. Om vrae te vra en ondersoek in te stel vorm ŉ belangrike deel van hierdie soektog. Materiaal of gedrag waaraan die adolessent blootgestel word, kan bydra tot die ontwikkeling van ŉ selfstandige selfhandhawende jongmens, of dan ŉ destruktiewe en misdadige jongmens. Volgens Suzuki en Calso (2004) soos verduidelik in Quayle en Taylor (2006:116), veroorsaak die fisiese, emosionele en sielkundige veranderinge wat tydens adolessensie plaasvind, dat baie vrae ontstaan oor hul liggame, verhoudings en gesondheid, wat soms persoonlik, sensitief en vernederend kan wees. Die internet as bron van inligting bring meer toegang, interaksie en anonimiteit; maar dis juis hierdie faktore wat die kanse tot blootstelling aan gewelddadige of seksuele materiaal verhoog. Rich (2009:392) beaam hierdie stelling en noem dat die kombinasie van sosiale boodskappe oor seksuele gedrag, die persoonlike kwesbaarheid van adolessente en die maatskaplike omstandighede waaronder hulle groot gemaak word, verder bydra tot seksuele belangstellings, idees en gedrag.

Die deelnemers sê die volgende in hierdie verband:

*"…the exposure to behaviour, violence in the family, violence in the community, learned behaviour from parents."*
*Deelnemer H*

*"They come from single parent families, some of them they are staying in a one room, and then the children start doing what they see the parents are doing."*
*Deelnemer G*

*"In my ervaring by Khulisa soos ek sê is baie keer modelling en omdat kinders nie geeducate is rondom seks en sexual issues nie. Uhm… so hulle weet nie of dit verkeerd is nie, want hulle ouers doen dit dan begin hulle daaroor fantaseer en dis wat ons dan noem die trigger."*
*Deelnemer E*

#### 7.3.4.4 Subtema 4: Groepsdruk

*ʼn Adolessent se beeld oor homself en sy reaksie op groepsdruk, kan sy seksuele gedrag beïnvloed (Harris en Bezuidenhout 2010:36). Agt van die deelnemers het die* invloed van vriende en groepsdruk genoem tydens hul onderhoude. Naidoo en Sewpaul (2014:88) het ook tydens hul ondersoek met adolessente verkragters, gevind dat ʼn algemene bron van ondersteuning vir meeste adolessente hulle vriende is, wat ongelukkig negatiewe gedragspatrone kan versterk – veral in hierdie geval.

Deelnemers maak die volgende stellings rakende die invloed van groepsdruk:

*"…maar iets wat groter is as vroeë molestering is gang aktiwiteite. Jy weet waar hulle deur ʼn groep seuns aangepor word, dis deel van ʼn inisiasieproses, ʼn groep seuns wat mag afdwing."*
*Deelnemer A*

*"And uhm… bullying as well, because…"*
*Deelnemer G*

*"…daar is nogal vir ons ʼn konnektasie tussen bully en sexual offending. Baie kinders wat verwys word as children at risk na die bully program het ook 'n sexual offence gepleeg."*
*Deelnemer E*

*"…and also peer pressure."*
*Deelnemer C*

*"Huge amount of factors… anything from socio-economic environment the child lives in, circumstances in the country formed part of it, the exposure to behaviour, violence in the family, violence in the community, learned behaviour from parents… uhm…gangs play a huge role and with gangs come drugs, alcohol and initiation in the gang, violence is very often part of it. Uhm… peer pressure, and obviously if the child has been a victim of sexual abuse that plays a role."*
*Deelnemer H*

Finkelhor, Ormrod en Chaffin (2009:4) het bevind dat jeugdiges meer geneig is om in groepe te oortree saam met een of meer medepligtige. Verder noem Harris en Bezuidenhout (2010:37) dat, om deel te wees van ʼn groep ʼn groot bekommernis tydens hierdie ontwikkelingsfase is. Die adolessent sien af van sy ouers se morele waardes om

te verseker dat hy sosiaal aanvaar word. Soms dryf swak huislike omstandighede die adolessent om betrokke te raak by bendes, soos verduidelik deur Serrao (2004:1), wat hierdie adolessent klassifiseer onder Groepsbeïnvloed in die klassifisering van adolessente oortreders. Hierdie groep kom uit laer sosio-ekonomiese agtergronde en ervaar groot groepsdruk, veral indien hulle betrokke is by bende-aktiwiteite omdat hulle hulself wil bewys en graag wil behoort. Langa (2007:74) steun die stelling dat bendes ‘n nuwe gevoel van huis, liefde en omgee verskaf. Volgens Harris en Bezuidenhout (2010:37) is aggressiewe groepsnetwerke meer geneig om tradisies wat die gebruik van aggressie ondersteun, aan te neem. Aggressie word dan beskou as ʼn geldige reaksie om te provokeer en die selfbeeld te verhoog.

Die navorser is van mening dat alkohol- en dwelmmisbruik ʼn groot rol speel in groepsdruk en selfs in bendevorming. Volgens Matthews, Brasnett en Smith (2006:4) soos gebruik in Harris en Bezuidenhout (2010:34), is bevind dat ʼn verband tussen drank en oortreding nie vasgestel kan word nie, maar dat die gereeldheid van alkoholgebruik sterk geassosieer word met seksuele oortredings. Studies rakende seksuele oortredings het wel hoë vlakke van alkoholgebruik by seksoortreders geïdentifiseer. Du Bois en Miley (2005:349) neem die standpunt in dat dwelm- en alkoholmisbruik mense soos adolessente se oordeel affekteer, asook hul vermoë om hul sosiale rolle en verpligtinge na te kom – dus kan die gebruik en misbruik van alkohol en dwelms, lei tot adolessente wat verkrag.

#### 7.3.4.5 Subtema 5: Sosio-ekonomiese omstandighede

Meeste van die deelnemers het gemeen dat die huislike- en omgewings omstandighede in ag geneem moet word as bydraende faktore tot die misdaad. Daar moet onthou word dat die adolessent nie in isolasie funksioneer nie, maar binne ʼn gesin of selfs groter sisteem. Sewe van die deelnemers het melding gemaak van die adolessent se huislike omstandighede en selfs gemeenskap wat as ʼn faktor gesien kan word en wat aanleiding gee tot verkragting. Rich (2009:127) bespreek gesinsverhoudings en funksionering in die gesinsomgewing in die verlede sowel as in die hede as ʼn faktor. Dit sluit in: ʼn stresvolle gesinslewe; algemene gesinsfunksionering; die konstantheid van die ouerfigure en hul funksionering; geskiedenis en of blootstelling aan gesinsgeweld; gebrek aan interne gesinsgrense; die kwaliteit van die ouer-kind verhoudings; en die houding van die ouerfigure teenoor die betrokkenheid by die behandeling. Swak adolessent-ouer

verhoudings is ’n hoë risikofaktor vir seksuele oortreding en herhaling (Naidoo & Sewpaul, 2014:89).

Die deelnemers staaf sosio-ekonomiese omstandighede as bydraende faktor deur die volgende verbatim-response:

*“Ek dink nie daar is een ding nie, daar is baie en dan is daar nie altyd maklik identifiseerbare faktore nie. So jy begin maar by die huis, baie van hulle kom uit alleen huise, afwesige pa’s, maar dan moet die ma die dominante rol aanneem en daar is nie regtig vir hulle structure en stabiliteit nie.”*
*Deelnemer B*

*“…anything from socio-economic environment the child lives in, circumstances in the country formed part of it,...”*
*Deelnemer H*

*“Jy het gebrek aan rolmodelle, jy het afwesige ouers, ouers wat nie belangstel nie, ouers wat hierdie kind nie kan beheer nie.”*
*Deelnemer F*

*“… and then another experience is some of them are from a violent home.”*
*Deelnemer G*

*“Because as I mentioned these things start at home and when we then intervene as social worker the child then already has normalised this behaviour in their mind.” Deelnemer D*

*“Omdat ons ouers in shacks bly, model ons kinders die gedrag.”*
*Deelnemer E*

Een van die deelnemers het tydens die onderhoudvoering spesifiek genoem wat die invloed van ’n afwesige pa op die adolessent se ontwikkeling en gedrag kan hê. Naidoo en Sewpaul (2014:89) het ook tydens hul studie bevind dat baie deelnemers problematiese verhoudings met hul ouers ervaar. Hulle bly in huise met swak rolmodelle, swak ouerskap, verwaarlosing en gestresde enkel-ouers, en die fisiese of emosionele afwesigheid van vaders as die norm.

Verder word die gemeenskap ook in ag geneem, en moet dit nie misgekyk word as faktor wat of die adolessent kan opbou of afbreek en kan lei tot misdaad nie. Algemene omgewingstoestande tesame met die stabiliteit van die adolessent se lewenssituasie, die stabiliteit van die skool, die aard en kwaliteit van ondersteuningsnetwerke, en geleenthede vir herhaalde seksuele oortreding, is ter sprake (Rich 2009:127). Olsson *et al*., (2003:05) meen dat die sleutelbron wat veerkragtigheid in jongmense ontwikkel, ondersteunende families is, meer spesifiek deur die mobilisering van die volgende faktore: ouerlike warmte, aanmoediging, bystand; samehorigheid en sorg binne die gesin; noue verhouding met ‘n versorgende volwassene; geloof in die jongmens; nie-blamerende benadering tot die adolessent; huweliksondersteuning; en teenwoordigheid van ‘n talent of stokperdjie wat deur ander waardig geag word.

### 7.3.5 Tema 5: Holistiese benaderings

Die doel van die navorsing is om by die deelnemers vas te stel wat hul opinie oor die holistiese benadering tot adolessente verkragters is en hoe hulle holisties benader kan word. Volgens Hacket *et al.*, (2003) soos aangehaal in Erooga en Masson (2006:11), moet die volgende in ag geneem word wanneer holistiese intervensies oorweeg word:

- Kennis oor normale kinderontwikkeling;
- Leerteorieë en kognitiewe gedragsbenaderings;
- Bindingsteorie;
- Gesinssisteme;
- Trauma en post-traumatiese stresteorieë;
- Oplossings;
- Gefokusde werk;
- Motiveringsonderhoudvoering.

Die navorser het deur middel van die onderhoudvoering die volgende aspekte wat in ag geneem moet word om adolessente verkragters holisties te benader, geïdentifiseer:

#### 7.3.5.1 Subtema 1: Benaderings en intervensies

Tydens die onderhoudvoering kon die navorser vasstel dat daar verskeie benaderings en strategieë gebruik word gedurende maatskaplike werkers se rehabilitasie van adolessente seksuele oortreders. Geen intervensie kan dus plaasvind sonder dat dit ŉ

spesifieke benadering of kombinasie van ŉ paar toegepas word nie. Elke program of intervensie is gebaseer op wetenskaplike ondersoeke en beproefde benaderings wat sekere verlangde resultate as einddoel het.

**Kategorie 1: Kognitiewe Herstrukturering/Gedragsterapie**

Wat wel sterk na vore gekom het, was die gebruik van Kognitiewe Herstrukturering/Gedragsterapie as oorhoofse benadering, waar daar dan binne die programkonteks van ander benaderings en intervensies gebruik gemaak word. Die meer effektiewe programme blyk gebruik te maak van ŉ verskeidenheid metodes om die verskeie probleme van die oortreder aan te spreek – dit sluit Kognitiewe Gedragsmetodes in (Stout, 2003:18).

Kognitiewe Herstrukturering en Kognitiewe Gedragsterapie het na vore gekom tydens die onderhoudvoering as die benadering waarop die programme wat gebruik word, ontwikkel is. Terapeutiese intervensies met seksuele jong oortreders word meestal gedoen met ŉ kognitiewe gedragsbenadering – sulke benaderings impliseer dat terapeutiese verandering bereik word deur die vestiging van tegnieke wat die assosiasies tussen gedagtes, gevoelens en gedrag aanspreek. Kognitiewe Gedragsteoretici is van mening dat problematiese gedrag of emosies beheer of verander kan word deur intervensies wat daarop gemik is om die disfunksionele denkpatrone te verander, terwyl hierdie denke moontlik beheer of verander kan word deur nuwe gedrag in te oefen (O'Callaghan, Quayle & Print, 2006:147). Verder bespreek Jonker en Du Preez (2012:22) Kognitiewe Herstrukturering as ŉ benadering wat gebruik kan word as die paradigma om selfbeeld kwessies en denkfoute by seksoortreders aan te spreek. Dit sluit in: ander blameer, ontkenning, regverdiging van gedrag, leuens, minimalisering van skade wat veroorsaak is as gevolg van hul dade en magspel. Dit impliseer sodoende dat die seksoortreder se emosies en gedrag grootliks geaffekteer word deur sy denke.

Navorsing het bevind dat intervensies wat breedvoering gebaseer is op die kognitiewe gedragsraamwerk, met ŉ sterk voorkoming van die terugval-element, ondersteun word tydens die werk met adolessente en hul versorgers (Naidoo & Sewpaul 2014:96). Verder beaam Stout (2003:18) hierdie stelling dat programme wat gebaseer is op kognitiewe terapie, tweekeer meer effektief is as ander benaderings. Een van die deelnemers het verder hierby gevoeg dat, met Kognitiewe Herstrukturering as benadering, die adolessent

geleer het dat hy nie sleg is nie maar dat sy dade verkeerd is, en om sy gedrag te verander moet hy sy denkwyse aanpas.

Sommige van die verbatim-response rakende Kognitiewe Herstrukturering en Kognitiewe Gedragsterapie is soos volg:

*"Kognitiewe Herstrukturering. As mens nie hulle manier van dink oor die situasie verander nie gaan jy nie die gedrag kan verander nie."*
*Deelnemer A*

*"…well very much what would happen is they would work with psychologists, someone who would do Cognitive Behavioural Therapy."*
*Deelnemer H*

*"Cognitive Behavioural Therapy. Ons program is gegrond op Cognitive Behavioural Therapy, met ander woorde hulle moet daai thought patterns verstaan, weet hoe om dit te stop."*
*Deelnemer E*

*"We have divided it into 2, we have creative medium and also Cognitive Behavioural Therapy. First we start with alternative therapy, this is your drama, music therapy, boxing then we go to Cognitive Behavioural Therapy for an hour."*
*Deelnemer C*

**Kategorie 2: Ekologiese/Sisteemteorie**

Ander benaderings wat in kombinasie met Kognitiewe Herstruktureringsterapie gebruik word, is die Ekologiese/Sisteemteorie.

Al word daar tydens sessies op die adolessent en die misdaad gefokus, het dit tydens die onderhoudvoering vir die navorser duidelik geword dat die adolessent steeds nie in isolasie gesien kan word nie. Wanneer daar gewonder word waarom sommige adolessente seksuele wangedrag vertoon, is dit belangrik om nie net alleenlik te dink in terme van individuele- en ontwikkelingseienskappe en vereistes en -toestande nie. Die omgewing waarin die seksuele ontwikkeling plaasvind en waarin die seksuele ontstellende gedrag sy oorsprong kry, is ook ŉ faktor. Met hierdie benadering, sien ons dat kinders leer, groei, en ontwikkel deur interaksies met hul omgewings en verhoudings met mense in daardie omgewing. Deur hierdie proses word die kinders tot ŉ groot mate

produkte van hulle omgewings, waarin individuele psigologie gevorm word deur maatskaplike elemente (Rich, 2009:393).

Die deelnemers het die volgende stellings oor die gebruik van hierdie teorieë met adolessente verkragters, gemaak:

*"I am a Systems Theorist, I believe that you cannot look at a child in isolation. Uhm… the only programmes that I feel do work are the programmes that include the child, the family the community and uhm… and any significant others whether it is the parent, the grandparent or the child and youth care worker working in the children's home."*
*Deelnemer H*

*"I try to know their backgrounds so I can understand them better."*
*Deelnemer G*

*"…maar ook beslis die Sisteemteorie omdat mens eintlik die hele sisteem in ag moet neem, want in hulle sisteem is die triggers. Of dit nou by die skool is, by die huis is. So die Sisteemteorie is baie belangrik."*
*Deelnemer E*

*"…want in ons organisasie het ons 'n totale Systemic Approach. En ek dink as mens met verkragters werk kan mens nie anders nie, en ook met die ouers…"*
*Deelnemer E*

*"I think it lends itself once a again to the Systems Theory where you work with the individual but also significant other."*
*Deelnemer H*

*"Ecological Approach is the best, in as much as we want to see the child in the system, the broader scale of which the child is in uhm… we can deal with the child, but the child has friends and family. If we are not in contact with those systems, then what we are doing is very much in vain, as the child goes back to the same environment and exposed to the very same triggering factors.*"
Deelnemer C

Wanneer die adolessent as individu en as deel van 'n sisteem verstaan word, sal intervensies beter geformuleer word om sodoende spesifieke behoeftes aan te spreek en

so ook terugval te voorkom. Naidoo en Sewpaul (2014:94) vat dit saam in hul studie en noem dat dit belangrik is om die volgende kwessies aan te spreek: armoede; problematiese gesinsverhoudings; afwesige vaders; onopgelosde trauma; swak gesins- en gemeenskapswaardes; blootstelling aan pornografie, huislike geweld en substansiemisbruik.

**Kategorie 3: Dramaterapie**

Die deelnemers het aangedui dat hulle gebruik maak van visuele hulpmiddels/benaderings soos drama of rollespel om insig en empatie te ontwikkel by die adolessente. Cattanach (2008:43) verwys na verskeie definisies van drama wat saamgevat kan word soos volg: ŉ Sosiale aktiwiteit wat ons innerlike betekenisse met sosiale betekenisse vergelyk, met die doel om op te voed in probleemoplossing. Die adolessent word die geleentheid gebied om sy verbeelding te gebruik en uit te leef oor hoe hy sy probleme kan oplos. Deur middel van rollespel kan die adolessent nuwe denkwyses en optredes modelleer wanneer hy homself in sekere risiko-omstandighede bevind. Die gebruik van video's, ouderdomsgepaste literatuur, groepwerk en rollespel is nie net altyd nuttig nie, maar noodsaaklik (Stout 2003:17).

Stellings van die deelnemers in dié verband is soos volg:

*"…dan partykeer laat ons hulle die hele verhouding uitbeeld en ons sit dit in 'n boksie, jy verbrand dan die boksie, hou die boksie of begrawe die boksie om afskeid te neem van daardie gebeure in hulle lewe om die trauma te verwerk."*
*Deelnemer A*

*"Hulle verstaan dit baie mooi, ek teken baie visuele goed. So as hulle nie verstaan nie dan vra hulle net, ek maak gebruik van visuele media…"*
*Deelnemer A*

*"En dan wat vir ons baie belangrik is omdat ons met kinders werk bring ons baie creative arts in die program. So ons gebruik die mask theory, so hulle create 'n violent side mask."*
*Deelnemer E*

*"We have divided it into 2, we have creative medium and also Cognitive Behavioural Therapy. First we start with alternative therapy, this is your drama, music therapy, boxing…"*
*Deelnemer C*

**7.3.5.2 Subtema 2: Assessering**

Hesselink-Louw en Schoeman (2003:159) haal Luyt (1999:16) se definisie van assessering aan as die assessering van die oortreder. Dit het ten doel om spesifieke behoeftes vas te stel wat gebruik word om behandelingsprogramme te ontwikkel en te implementeer, wat daarop gemik is om die behoeftes aan te spreek. Die waarde van deeglike assessering moet nooit onderskat word nie en is daarom deur die deelnemers bespreek as belangrik en onvervangbaar. As maatskaplike werkers kan geen intervensie geskied sonder dat daar eers 'n volledige assessering van die kliënt en sy/haar omstandighede gedoen word nie. Net so sal geen rehabilitasieprogram suksesvol wees sonder assessering, wanneer daar met adolessente verkragters gewerk word nie. Om te onderskei tussen gedrag wat verkennend, seksgeoriënteerd of seksueel aggressief is, vereis deeglike assessering van die adolessent en sy omgewing (Butler & Elliott, 2006:186). Verder maak Butler en Elliott (2006:187) die stelling dat assessering die insameling van data vanaf veelvuldige bronne moet insluit en dat dit ewe belangrik is om die adolessent in die skoolomgewing asook die huis te assesseer. Inligting moet van alle ander beduidende persone in die adolessent se lewe verkry word, insluitend enige maatskaplike werker en ondersteuningswerker wat betrokke is. O'Donohue en Levensky (2004:878) noem dat die fokus van assessering geskuif het vanaf 'n eksklusiewe fokus op die individu as onderwerp na 'n breër aanslag met aandag aan omstandigheidsfaktore.

Deelnemers se menings is as volg:

*"Normally we identify the needs of the client, then the programme to which the client may be admitted to and then we also identify the needs of the programme – like the very important sessions of the programme."*
*Deelnemer G*

*"En dit begin reg by assessering, ek dink 'n groot ding by ons is dat die assessering moet reg gedoen word. Want in die assessering tel jy goed op."*
*Deelnemer E*

Volgens Butler en Elliott (2006:187) moet ŉ deeglike assessering die volgende areas insluit: presiese details oor die seksueel aggressiewe dade; die reaksies van volwassenes en ander kinders tot daardie dade; ander se bydraes tot die misdaad; beskermingsmaatreëls wat reeds geneem of beplan is; enige ander seksuele gedragsprobleme; en familiegelowe rondom seksualiteit. Hierdie spesifieke inligting moet in ag geneem word in samehang met die algemene inligting wat ingesamel is. Laasgenoemde sluit in ŉ volledige geskiedenis van die adolessent, gesinsgeskiedenis, assessering van die huidige gesinsfunksionering en ander potensiële stresfaktore soos huislike geweld. Seksueel aggressiewe kinders vertoon gereeld hoë vlakke van nie-moedswilligheid, impulsiwiteit en ooraktiwiteit en dit is die moeite werd om te probeer vasstel watter van hierdie gedrag voor die seksuele aggressiewe gedrag plaasgevind het en of dit verwant is aan enige mishandeling wat hul self ervaar het.

#### 7.3.5.3 Subtema 3: Genesende reg

Die konsep van 'restorative justice' het tydens die onderhoudvoering opgekom as element wat ingesluit moet word by die rehabilitasie van adolessente verkragters. "Restorative Justice is premised on the belief that when an offender is willing to acknowledge wrongdoing, is willing to be accountable for his actions, is willing to make reparations to those he has injured, and is willing to take corrective action, societal pardon and reintegration should occur" (Green-Mitchell, 2010:2). Volgens Plaatjies (2008:33) is dit ŉ proses waar oortreders verantwoordelik en verantwoordbaar gehou kan word vir die misdade wat hulle gepleeg het, en die trauma wat hulle die slagoffers besorg het, maar tog probeer om die verhoudings tussen die oortreder, slagoffer, gesinne en die gemeenskap te herstel.

Die deelnemers het die volgende opinies rakende genesende reg gehad:

*"En dan op die einde van die dag waar dit moontlik is, en hierdie is vir my 'n groot rooi lig, jy moet probeer om die restorative justice, die oortreder en die slagoffer by mekaar uit te bring… maar daar trek ek altyd die lyn, ek sê altyd dit is ŉ proses wat bepaal word deur die slagoffer."*
*Deelnemer F*

*"…and I do believe that restorative justice within the community is a way for the child to take responsibility for what they have done to the community to get to a point of forgiveness."*
*Deelnemer H*

*"The school needs to be involved, if there is church, the community and I do believe that restorative justice within the community is a way for the child to take responsibility for what they have done to the community to get to a point of forgiveness."*
*Deelnemer H*

Deur middel van drama en rollespel kan die konsep van genesende reg toegepas word op 'n wyse wat die adolessent sal verstaan. Hierdie konsep gee die oortreder die geleentheid om verantwoordelikheid te aanvaar vir die skade wat hy aan die slagoffer aangerig het, en gee die slagoffer die geleentheid om die erns van die misdaad wat teenoor hom gepleeg is, te verduidelik (Green-Mitchell, 2010:22).

#### 7.3.5.4 Subtema 4: Opvoeding van gemeenskap

Om vanuit ŉ holistiese oogpunt die probleme van adolessente verkragters te probeer aanspreek, moet die familie en wyer gemeenskap ook betrek word. Charles en McDonald (1994:6) beveel aan dat gemeenskaps-opvoedingsgeleenthede rakende seksuele oortredingsgedrag, beskikbaar moet wees om bewustheid te verhoog, ontkenning te verminder en die probleme te minimaliseer.

ŉ Voorkomende werkswyse kan ook tot voordeel wees. Voorkoming moet 'n wyer, gemeenskapsgebaseerde benadering met grootskaalse opvoedingsprogramme behels. Begrip oor die verskil tussen gesonde en gewelddadige seks, geslagsrol sosialisering en die uitkomste daarvan, patrone binne generasies van mishandeling en geweld, en die beskadigende uitwerking van seksuele mishandeling op die slagoffers, is hier van toepassing (Naidoo & Sewpaul, 2014:96). Boodskappe van voorkoming en skoktaktiek moet dus aan jeuggehore in skole, jeugorganisasies, op die internet, op jeug-georiënteerde media en ook in families gerig word (Finkelhor, Ormrod & Chaffin, 2009:7). Verder moet die gesinne van adolessente bemagtig word deur primêre voorkomingsprogramme soos gesinslewensopvoeding, waar voorkoming begin met pediatriese ondersteuning (Naidoo & Sewpaul, 2014:96).

Die deelnemers se menings rakende hierdie onderwerp is as volg:

*"Ma en pa slaap aan die ander kant, net met 'n gordyntjie… ma moet was op 'n stadium, pa moet was op 'n stadium… so jy moet begin by die huis. Mens moet gaan kyk weer na waardebepalings."*
*Deelnemer B*

*"…ek dink tog education, sex education is belangrik."*
*Deelnemer B*

*"The parents should learn how to sit and communicate with their children, as everything starts at home."*
*Deelnemer D*

*"Is the educators well educated to support this uhm… change, are the friends conscious about change are friends uhm… having knowledge of that change. I'll say that more of public education is needed, we need to enage the community and educate them."*
*Deelnemer C*

#### 7.3.5.5 Subtema 5: Terapie/werkswyse

Charles en McDonald (1994:4) maak 'n geldige verklaring dat dit noodsaaklik is om behandelingstrategieë aan te pas sodat dit met die ontwikkelingsbehoeftes van die adolessent ooreenstem. Elke oortreder reageer verskillend op die intervensies maar daar word 'n groter klem op groepsintervensies saam met gesinsterapie gelê. Agt van die deelnemers het wel aangedui dat hulle die adolessente in groepsverband sien, maar ook sover moontlik individuele sessies en sessies waarby hul gesin ingesluit word, hou, sodat die adolessent binne sy sosiale omstandighede gerehabiliteer kan word. Boyd en Bromfield (2006:9) staaf hierdie benadering dat, waar moontlik, die betrokkenheid van die gesin in terapie 'n belangrike bydraende faktor is vir effektiewe behandeling van adolessente. Volgens Cherry en O'Shea (2006:201) is daar direkte voordele vir ouers wat deel is van die terapeutiese werk. Dit bied ondersteuning gedurende 'n tyd wanneer families soms baie geïsoleerd voel. Dit help hulle om hul gevoelens rondom hul kind en sy wangedrag te verwerk, om hul kind te verstaan, om die verhouding weer op te bou en om die mishandelende gedrag te probeer verstaan.

Al word groepwerkbenaderings met adolessente wat seksueel oortree as baie waardevol geag, moet sulke behandelings slegs deel uitmaak van enige terapeutiese pakket (O'Callaghan, Quayle & Print, 2006:155).

Laastens het die deelnemers aangedui dat langtermyn intervensie tot suksesvolle rehabilitasie van adolessente wat verkrag, lei. Multi-sistemiese terapie poog om in te gryp in die vele sisteme wat die jongmens se gedrag affekteer, insluitende die jongmens self, familie en versorgers, verhoudings, skool, vriende en gemeenskap (O'Callaghan, Quayle & Print, 2006:155).

Deelnemer E is van opinie dat om slegs die program te voltooi nie genoeg is nie. Dat daar supervisie en opvolg binne die gemeenskap moet wees om sodoende te verseker dat die adolessent die nuwe vaardighede wat hy aangeleer het implementeer en nie weer oortree nie. Voldoende supervisie van adolessente verkragters in die gemeenskap, het protokol, monitorprosedures en 'n hoë vlak samewerking nodig van alle deelnemers soos die regering, NGO's, howe en ander relevante deelnemers (Stout, 2003:17). Volgens Stout (2003:19) is beide 'n effektiewe program en ook voldoende monitor- en beskermingsmeganismes noodsaaklik om toe te laat dat hierdie adolessente veilig onder toesig gehou word.

Verbatim-response van deelnemers is as volg:

*"The school needs to be involved, if there is church, the community…"*
*Deelnemer H*

*"Dan glo ek daaraan dat jy moet probeer om die families in te kry en hierdie verhouding te herstel en hierdie dinge wat verkeerd is… nommer een is die families gewoonlik kwaad vir hulle oor die seksuele oortreding, kwaad omdat hulle beeld in die gemeenskap geskaad is."*
*Deelnemer F*

*"Dis belangrik dat indien hulle ouers het die ouers betrek word, sodat die ouer kan verstaan waardeur gaan die kind."*
*Deelnemer A*

*"…daarom is dit belangrik om family group conference te hou sodat hulle die kind se gedrag kan verstaan om die kind terug te aanvaar in die huishouding."*
*Deelnemer E*

## *8. GEVOLGTREKKING*

Die fokus van die navorsing is op die holistiese benadering van adolessente verkragters. Die literatuuroorsig het aangedui dat daar beperkte literatuur rakende die holistiese benadering van adolessente verkragters is. Agt geregistreerde maatskaplike werkers het deelgeneem aan semi-gestruktureerde een-tot-een onderhoude waartydens data ingesamel is. Elke deelnemer het waardevolle insette gelewer tydens die onderhoude oor die benadering tot adolessente verkragters. Die navorser is oortuig daarvan dat hierdie navorsing betroubaar is omdat die deelnemers grotendeels dieselfde kwessies en feite weergegee het.

Die navorsing het bevind dat die voorkoms van adolessente wat verkrag ŉ ernstige tendens is wat aangespreek moet word. Daar is bevind dat alhoewel dit ŉ erkende probleem is, die gevoel algemeen bestaan dat daar nie genoeg en omvattende programme beskikbaar is om hierdie oortreders te rehabiliteer nie.

Tydens die ondersoek is daar vasgestel dat verskeie faktore ŉ rol speel en kan bydra tot die adolessent wat verkrag. Hierdie faktore wissel van faktore wat op die individu fokus, soos lewensvaardighede en persoonlike ervarings, tot omgewingsinvloede soos groepsdruk, media en gesinsdinamika. Meeste van hierdie faktore word tydens die programme aangespreek, en indien nie, het sommige deelnemers aangedui dat dit die plig van die maatskaplike werker is om tydens individuele sessies die oorsake van hul gedrag aan te spreek. Daar is ook bevind dat die programme steeds nie alle aspekte aanspreek om rehabilitasie ten volle te verseker nie. Daar is sekere elemente wat nie aangespreek en deurgevoer word om te verseker dat die adolessent die inhoud verstaan, kan implementeer en nie terugval in die oortredende gedrag nie.

Die navorser kon vasstel dat daar verskeie benaderings gebruik moet word om hierdie adolessente optimaal te rehabiliteer. ŉ Kombinasie van benaderings en intervensies is as gunstig beskou, en dat, soos met alle probleme in die samelewing, adolessente verkragters nie geïsoleerd leef nie, maar dat die sisteem deurgaans betrek moet word en

bewus gemaak moet word van die probleem. Natuurlik word die maatskaplike werker wat die program fasiliteer nou ook deel van sy sisteem en is dit dus belangrik dat hy/sy die nodige kennis en opleiding het om hierdie adolessent deur sy rehabilitasieproses te help en te lei.

Die navorser het dus meer insig ontwikkel in die tendens van adolessente wat verkrag, en wat die vereistes is om te verseker dat hierdie kinders ŉ kans kry om hul gedrag te verander, ŉ waardige bydrae in die samelewing te lewer en ŉ positiewe toekoms te bou.

## *9. AANBEVELINGS*

### 9.1 Aanbevelings ten opsigte van die holistiese benadering tot adolessente verkragters

Die volgende aanbevelings ten opsigte van die holistiese benadering tot adolessente verkragters word gemaak na aanleiding van die navorsingsbevindinge:

- Programme wat ontwikkel word vir adolessente verkragters moet Kognitiewe Gedragsterapie as oorhoofse benadering insluit, maar nie as enigste benadering gebruik word nie.
- Maatskaplike werkers moet optimale opleiding ontvang en evaluering doen van programme sodat hulle die programme korrek en effektief kan implementeer.
- Die adolessent se sisteem en omgewing moet van die begin af by die rehabilitasie betrek word – opvoeding en bewusmaking van ouers, skole, en die wyer gemeenskap moet help met die rehabilitasieproses.
- Deeglike assesserings moet voor die aanvang van die program gedoen word, en alle moontlike bronne moet betrek word;
- Die programme moet aanpasbaar wees om sodoende elke individu se behoeftes aan te spreek – individuele sessies moet gebruik word om behoeftes aan te spreek wat nie in die gestruktureerde groepsessies aangeraak word nie.
- Die adolessent as ŉ geheel moet benader word – daar moet aandag geskenk word aan die adolessent se verlede, sosio-ekonomiese omstandighede, moontlike vroeë trauma ens.

- ŉ Nasorgprogram moet geïmplementeer word om sodoende toe te sien dat die adolessent sy nuut aangeleerde lewensvaardighede en gedrag deurlopend kan uitvoer. Hierdie program dien ook as ondersteuning om ŉ terugval te voorkom.

### 9.2 Aanbevelings met betrekking tot verdere navorsing

Gebaseer op die navorsingsbevindinge word die volgende aanbevelings met betrekking tot verdere navorsingstemas gemaak:

- Die opstel en evaluering van ŉ nasorgprogram vir adolessente wat hul program vir verkragting voltooi het.
- Evaluering van die opleiding van maatskaplike werkers wat die programme fasiliteer.
- Evaluering van die psigososiale en emosionele impak op maatskaplike werkers wat met adolessente verkragters werk.

## *10. SAMEVATTING*

Die profiel van die deelnemers is saamgestel uit die besonderhede soos bekom in die onderhoude. Die vyf temas en subtemas wat geïdentifiseer is en bygedra het tot die ontwikkeling van insig in die holistiese benadering tot adolessente verkragters, is bespreek en geanaliseer.

